



Bronberger

fokus op die landelike leefwyse /
focus on country living

gratis/free

Augustus/August 2020 Vol.18 No.12

012 734 0522 / 082 377 6807

info@bronberger.co.za

www.bronberger.co.za



Binne / Inside:

- Iettermagog-stroppers se turf sit – bl 8
- Saamkimmers se bloed gesoek – bl 13
- 'Vullisiologie' groei in taai tye – bl 20
- Geliefde Nico vir omgee onthou – bl 11
- Kwarantyn destyds só afgedwing – bl 14
- Dogs finely tuned to our feelings – p 27



V-Tek Service Centre

Taking SERVICE to another LEVEL
Advanced Motor Vehicle Service Centre



We specialize in:

Major services and cambelt kits. | Auto electrical components and fault finding.
Aircon system repairs and regassing. | Clutch kit replacements.
Shock absorbers replacement. | CV joints and suspension.
Starters & alternator service and repairs. | Computer box testing and repairs.
Service while you wait, enjoying a fresh espresso coffee, by appointment only.
- Key programming, new keys with remotes.



Service

320i / 320d / 323i
330i / 330d / E90
R2 460,00



Service

Prado / Fortuner
Landcruiser /
D4D Hilux
R2 150,00



Service

Ranger 2.2 / 3.2
R2 150,00
Fiesta / Figo
R2 150,00



Service

C180 / C200
C220 / C320
A180 / B200
R2 460,00



Service

Amarok R2 150,00
Polo Vivo R2 150,00
Cambelt Kit
R3 895,00



Service

Discovery 3 & 4
R3 650,00
Cambelts
R12 860,00

All prices include parts and labour but excludes VAT amount

ALL VEHICLES WILL BE DISINFECTED WITH CHEMICALS THAT COMPLY WITH THE
NATIONAL REGISTRATION REQUIREMENTS FOR NRCS, SABS AND SANAS - FREE OF CHARGE.

Owners: Vince, Costa and Charmaine

Vince and Costa each having over 30 years experience in the motor trade industry.

012 803 4021 | Vince 082 382 6924

Costa 083 456 7077 | Charmaine 072 632 1447

On customer request we collect and deliver vehicles.

Managed by Owners Since 2004.



N4 Gateway Park, Pretoria East

**NEW PREMISES FROM 1 SEPTEMBER 2020
PLOT 50 GRAHAM ROAD / LYNNWOOD ROAD EXT**



Water Pump Group
sustainable reliable solutions



Geofisiese opname vir ondergrondse water

Boor van watergate

Boorgat opbrengs toetse

Vervaardiging van HDPE & LDPE & PVC pype

Verskaffers van pompe

Filtrasiestelsels

Besproeiingstelsels

www.inyatigroup.co.za
ane@inyatigroup.co.za
(+27) 12 940 0507

www.waterpumpgroup.co.za
admin@waterpumpgroup.co.za
(+27) 12 940 0511

**Kom besoek ons by ons winkels . . .
Altyd professionele diens!**

Rayton

Jan Ellis Winkelsentrum
H/v R515 & N4
Rayton

GPS koördinate: 25°47' 35.26"S / 28°31' 3.35" E

Pretoria-Oos

1267 De Villebois Mareuil
Moreletapark
Pretoria

Gratis aflewering in Pretoria-Oos en Rayton

Redaksie, Verspreiding, Eienaar-uitgewers



Gerhard Kleijn 082 377 6807
gerhard@bronberger.co.za



Angie Kleijn 012 734 0522
info@bronberger.co.za
WhatsApp: 083 959 1016

Advertensie: Navrae en Bespreking

Bel ons nou vir jou wenner-advertensie in **Die Bronberger**. Ons staan jou by met raad, daad, fotografie en die opstel en uitleg van jou advertensie teen geen ekstra koste nie. Jy kry 'n gratis proef vir goedkeuring voor plasing. 'n Advertensie in **Die Bronberger** bring nuwe voete na jou besigheid. Ons bereik die min ontginde koopkrag in die ooste van, en ten ooste van Pretoria met 'n publikasie wat die mense regtig wil lees. Vra gerus ons gereelde adverteerders of volg die lesersmeelewing in ons briewekolom.

Bel ons by 012 734 0522 of 082 377 6807 of stuur 'n e-pos na info@bronberger.co.za. Besoek www.bronberger.co.za.

Uitgee deur: Die Bronberger, Posbus 92366, Mooikloof, 0059 Tel: 012 734 0522; Sell: 082 377 6807; Faks: 086 650 7860
E-pos: info@bronberger.co.za
Gedruk deur Seriti Printing Digital, Derdepootstraat 318, Silverton

Advertensie & redaksionele navrae en -bydraes
Tel: 012 734 0522 Sell: 082 377 6807

Verspreiding / Distribution: Die Bronberger word teen die middel van elke maand versprei:
Toonbankverspreiding in: Olympus, Zwavelpoort, Shere, Tygervallei, Hazeldean, Silver Lakes, Boschkop, Tierpoort, Rietfontein, Mooikloof, Bashewa, Grootfontein, Welbekend, Bapsfontein, Klipkop, Witpoort, Kleinzonderhoudt, Mooiplaats, Donkerhoek, Pienaarspoort, Kleinfontein, Vaalbank, Valtaki, Cullinan, Rayton, Bronkhorstspuit, Kaalfontein, Faerie Glen, Moreletapark, Waterkloofrif, Menlyn, Wapadrand, Lynnwoodrif, Willows, Equestria en Garsfontein.

Kopiereg
Kopiereg word op alle redaksionele materiaal in dié uitgawe gehou. Terwyl alle voorsorg deur die uitgewer en redakteur geneem word, kan ons nie verantwoordelik gehou word vir enige foute of uitlatings nie.



Bladuitleg
Jeanette 083 258 2665
jeanette@bronberger.co.za

Vintage
Graphic Designs

Dubbeldoor-Bronnie wyd verwelkom

Hier is enkele uittreksels van die welkome terugvoer wat ons ontvang het toe lesers hoor dat die Bronnie nou 'n 'dubbeldoor' is – hy word gedruk en ook elektronies versprei. – Red

Gertie Stofberg: Baie dankie vir hierdie "heart warming news" op die koue dag. Ons is saam met julle opgewonde oor die "geboorte van 'n tweeling". Tekens van die tye dwing ons maar om alternatief te dink. Ek persoonlik hou steeds van die vat en voel en reuk van 'n tydskrif of papier, maar ek moet sê dit is baie gerieflik om die Bronnie elektronies te hê as jy so skelmpies gou 'n 'breek' agter die rekenaar wil neem. Sterkte vir julle super innoverende span; saam maak julle dit werk. Pas juisself mooi op; julle is kosbaar vir ons hier in die Bronberg.

Anne-Marie Cornelius: Baie geluk. Mag die begin van die nuwe bekendstelling vir julle somer baie seën en voorspoed bring.

Isabel Groesbeek: Dankbaar saam met julle en hartlik geluk dat julle "hierdie berg met geloof en ywer" klim.

Eugene Claassen: Baie dankie vir die nuwe uitgawe; dis regtig iets om na uit te sien. Altyd vol lekker leesstof en interessante artikels, wat leervol en opbouend is. Dan die artikels oor die geskiedenis van dorpe en plekke maak dit lekker leesstof vir ieder en elk. Ek het al gewonder of ek julle nie kan nomineer om die Sondag-koerant te doen nie; dan sal ek dit ook koop. Huidig het hulle net skindernuus, soos 'n sekere ander gesinstydskrif. Baie dankie en voorspoed vorentoe met julle glanstydskrif. Altyd 'n goeie keuse as ek iets wil lees, selfs 'n tweede keer.

Gustav van Aardt: Baie dankie. Ag ons is bly julle kan ook die gedrukte weergawe weer op die rakke kry. Dit is goeie nuus. Maar ons geniet die elektroniese een ook net so baie, en stuur dit maklik aan. Ek weet my ma in Springs kan gewoonlik nie wag nie. . .

Buks Barnard: Baie dankie – hierdie Bronnie is weer 'n wenner.

Sunette van Schalkwyk: Baie dankie. Baie geluk met die prestasie.

Emma Koekemoer: Baie, baie geluk met die dubbeldoor! Lees baie lekker aan die elektroniese Bronnie en sien uit na die nuwe papier-uitgawe!! Weereens oortref julle julleself.

HB Heymans: Baie geluk! Ek wens ek kon ook so puik tydskrif uitgee.

Petro Anderson: Julle raak nou só oulik.

Susan Roos: Pragtige voorbladfoto, ek sien uit na my elektroniese uitgawe. Baie dankie vir nog 'n puik uitgawe. Ek stuur wyd aan vriende en familie wat dit net so baie geniet.

Katy Marais: Duisend dankies vir my e-pos **Bronberger**. Waardeer dit baie.

Celeste Coetzee: Baie dankie; dit lyk na 'n meesterstuk!

Esther Lees: Baie dankie. Waardeer opreg. Sterkte met alles van die onbekende toekoms. "God bless."



Gnatus de Lange: Gerhard Kleijn en Angie – dit was gaaf om weer 'n blad in die hand vas te kan klem. Julle werk is beslis 'n gemotiveerde ding en dankie dat julle so volhou.

Martie Volschenk: Baie geluk; julle voorblad is altyd 'n wenner! Die Bronnie is uitstekend. Kan nie wag vir die elektroniese uitgawe nie.

Renette Els: Baie dankie aan almal betrokke. Ek geniet my Bronnie. Baie puik voorblad!

More details

Nic Woodrow from Mooiplaats:

Thanks for writing the article on the Welbekend Brandbeskermingsvereniging in the Bronnie.
Please can I ask you to fill in administration details for the next issue? Our secretary is Sunette du Toit: 082-385-2737.
Also, the Boschkop area is split into three wards. I am responsible for the MZT group (082-924-4259); Richard Van Zyl for the BMT group (082-431-9569); and Johan Van Emmenis for Tweedragt, Kleinfontein and Rhino Park (067-017-6677).

Die storie van die gat

Eus de Clerk van Cullinan:

Ek het gekla oor 'n slagtag in Pinelaan, Cullinan. Iemand het gesê ek moet dit rapporteer aan die 'City of Tshwane' se 'Pothole Department'.
Ek stuur toe foto's en GPS-aanwysings aan: POTHOLE@tshwane.gov.za en vertel hulle van hierdie 'challenge'. 'n Dag later, stuur die 'Pothole Department' vir my 'n verwysingsnommer. Ek het die nommer in die slagtag geplaas, maar die ding wil nie weggaan nie. Wat nou gedaan? Gee asseblief raad!



Die slagtag met sy verwysingsnommer



Ons voorblad

Dit lyk komplete asof dié ietermagog bid dat die stropery, wat vinnig besig is om sy spesie uit te wis, tot 'n einde moet kom. Op bl 8 en 9 is 'n berig en foto's oor hoe gewetenlose stropers van dié erg bedreigde diere in ons gebied vasgetrek is.

Foto: Gareth Thomas

Baie spesiale 18e verjaardag!

Die Bronnie word met ons volgende (baie spesiale) uitgawe in September 'n volronde 18 jaar oud. Ons voel ons met dié 18e verjaardag-uitgawe in die besonder geseënd en oordadig dankbaar. Deurgaans was dit 'n voorreg (sommige sou meen eerder 'n wonderwerk) vir **Die Bronberger** om as onafhanklike, gratis publikasie oor 18 jare heen te bly voortbestaan en in gewildheid en gestalte te groei. Dit sonder die steun van enige groot onderneming of organisasie, maar wel met die geesdriftige aanvaarding van ons lesers en die onontbeerlike ondersteuning van ons adverteerders. Dankie. In die maande voor die Bronnie se 18e verjaardag, het sake en omstandighede (vir almal) drasties verander. Vreemde, nuwe omstandighede het nuwe denke en vreemde uitdaginge, ook vir ons hier by die Bronnie, meegebring.

Ons is tot die keuse tussen aanpas of sink gedwing. Die Bronnie het (met hulp) hom sonder skroom tot die 'aanpas-opsie' gewend en ons aanlyn tuisgemaak. Die uitgee van 'n elektroniese Bronnie het somer gou ons stoutste verwagtinge oortref. Lesersgetalle het drasties gegroei en bestaande en nuwe lesers het die 'drywende' Bronnie met ope arms verwelkom.

Met die vorige uitgawe het ons die heel eerste keer 'n 'dubbeldoor' (gedrukte en elektroniese Bronnie) die lig laat sien. Die verwelkoming van lesers en adverteerders ná die 'nuwigheid' laat ons met beskeie tevredenheid en in dankbare opgewondenheid. En dit is onder meer ook wat lesers en adverteerders met September se 18e herdenkingsuitgawe te wagte kan wees.

Deur die jare is ons verjaarsdag-uitgawes telkens met geesdrif ontvang en baie goed ondersteun. Dit is reeds duidelik dat hierdie jaar geen uitsondering gaan wees nie, maar met die bykomstige bonus om op diverse wyse 'n buitengewone versamelaarsitem beskikbaar te stel wat vir wyer, waardevolle en langdurige blootstelling van die advertensie- en redaksionele inhoud sal sorg.

Ons kan met vrymoedigheid almal wat in die laaste 18 jaar gereeld of net soms in **Die Bronberger** adverteer het, nooi om ons verjaarsdag saam met ons te vier deur 'n advertensie in September se buitengewone uitgawe te plaas. Gereelde adverteerders kan dit gerus oorweeg om voluit te gaan – dalk met 'n groter advertensie. Vir diegene wat net soms of sporadies adverteer, is September se gedenkuitgawe dié een waarin jou onderneming gesien wil word.

En as jy nog nooit in **Die Bronberger** geadverteer het nie, is hierdie die ideale geleentheid om te ervaar wat dié gewilde gemeenskaps-tydskrif nou vir jou kan beteken.

Bespreek jou plek: Kontak Tania by 072-089-0227 of tania@bronberger.co.za. Kontak Hannes by 072-992-5440 of hannes@bronberger.co.za. Skakel ons landlyn by 012-734-0522 of stuur 'n e-pos na info@bronberger.co.za.

As jy jou Bronnie per e-pos wil ontvang, stuur 'n versoek met jou naam by na info@bronberger.co.za. As jy jou Bronnie op jou foon wil kry, stuur 'n WhatsApp met jou naam by na 083-959-1016.

RE/MAX
PROPERTY MERCHANTS

Ernst Lösch Sales Associate
083 274 3024

Agent vir kopers en verkopers van
plotte en plase in die Bronberg-gebied.

KLEINHOEWES EN PLASE
Tel & Fax 012 480 1752 | re-am.losch@absamail.co.za
www.remax.co.za
Each Office Independently Owned and Operated

BREEK DIE STILTE
Vir diagnostiese
gehoortoetse,
gehoorapparate
en toebehore.
Skakel gerus vir 'n afspraak
082 335 5706

Gratis gehoorsiftingstoetse
Gratis nagaan van u apparaat

RAYOVAC BATTERYE @ R50

Karien Vermaak
Naudéstraat 82, Rayton / karienvermaak@vodamail.co.za

PHONAK
unifon
oticon
Beltona
WIDEX
Starkey

BASSEK
YOUR SAFETY . . .
OUR CONCERN

083 430 6949
012 811 0209
info@bassek.co.za

24 hour electronic monitoring / Armed reaction / Gate motors
Alarm installation & repairs / Electric Fences & Cameras

Grondbelasting verdubbel in landelike gebied

Hoeve-eienaars in die Bronberg-gebied is ontstoke oor grondbelasting wat in baie gevalle meer as verdubbel het van die Junie- tot die Julie-munisipale rekening.

Andries Spies van plot 294, Zwavelpoort sê dat die metroraad sy eiendom se waarde vanaf Julie verhoog het vanaf R1100 000 na R2955 000 sonder enige verduideliking of kommunikasie.

Andries sê dat hy nie bewus was daarvan dat grondeienaars die waarde van hulle eiendom op die metroraad se waardasierol, wat op Stad Tshwane se webwerf beskikbaar was, moet nagaan nie.

“Waar was die valuasie rol geplaas? Ons weet niks daarvan nie,” sê Andries. “Ek het Tshwane probeer bel, maar daar was geen antwoord nie. Toe stuur ek ’n e-pos en die outomatiese antwoord was dat hulle slegs aandag gee aan noodsaaklike dienste weens Covid-19.”

“Hulle verdubbel ons betaling en ons kry geen dienste nie. Ons het ons eie water, riool, vullisverwydering en onderhou self ons grondpaaie,” sê Andries.

Nicolien Botha van plot 418, Zwavelpoort sê dit is “absoluut verregaande” dat die munisipale belasting verdubbel het. “Geen dienste word deur hulle verskaf nie, soos riool, water en vullisverwydering. Op watter basis regverdig hulle die verhoging as hulle geen dienste aan ons lewer nie?”

Die afsnydatum vir besware teen waardasies was 26 Junie en die nuwe waardasierol is geldig vir die tydperk van 1 Julie 2020 tot 30 Junie 2024. Volgens wet word die waarde van eiendomme elke vier jaar deur munisipale inspekteurs bepaal en op die waardasierol geplaas. Dienste- en eiendomstariewe word volgens dié waarde bepaal.

“Ons het uit verskeie oorde verneem dat die waardasies van eiendomme op sekere plekke, veral in die landbousektor, onredelik en uitermatig verhoog word,” het Louis Meintjes, president van TLU SA, gesê.

Eiendomsbelasting word gehef in terme van die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, Wet nommer 6 van 2004.

Die munisipaliteit se primêre verantwoordelikheid is om dienste te

lewer en ook om ekonomiese ontwikkeling binne sy grense te ondersteun.

Vir dié doel hef die munisipaliteit eiendomsbelasting vir openbare dienste, wat strek vanaf paaie, straatligte en parkering tot sportvelde en biblioteke, maar ook vir die ontwikkeling wat binne sy gebied vir die spesifieke jaar beoog word. Grondeienaars in die lande-

like gebied word hard geslaan deur dié belasting, omdat hulle nie die dienste wat normaalweg in dorpe en stede voorsien word, kry nie.

TLU SA moedig grondeienaars aan om onredelike stygings by hulle te rapporteer. Besoek hulle by Jamesrylaan 194, Silverton, skakel 012-804-8031 of stuur ’n e-pos: navrae@tlu.co.za.

Lekkerste lekker

Dis dié lekkerste lekker om weer ’n gedrukte Bronnie in die hand te hê en dan om ’n foto wat jy neem het op die voorblad te sien en dan jou Bronnie saam met ’n lekkerte en ’n koppie koffie te geniet, sê Laurika van der Linde.



Live for Hearing
We live to improve quality of life

Kan u gemaklik hoor as ’n persoon ’n masker dra?

Ons is gereed om u te help!

Tuisbesoeke word gedoen, sowel as gehoortoetse in die gemak van u huis

Ons doen aflewering!

Skakel vir ’n afspraak:
082 325 4544

DIENTE:

- Diagnostiese gehoortoetse
- Alles wat nodig is vir gehoorapparate
- Bekostigbare, moderne gehoorapparate
- Verskillende style en soorte gehoorapparate
- Mobiele diens vir u gemak
- Gehoorbeskerming

Koop 4 pakkies batterye en kry 1 gratis!

PRETORIA:
Cornwall View Winkelsentrum
H/v Boeie en Pieringstr Elarduspark

BRONKHORSTSPRUIT:
Oppidraai Eenheid 8,
Marketstr 88, Bronkhorspruit

AgriElec
(Pty) Ltd

Electrical Contractors

Agricultural • Industrial • Domestic

Electrical Installations & Maintenance

- Borehole & Irrigation Pumps
- Float Switches
- DB Rewires
- Fault Finding
- Earthing
- 3 Phase Connections
- Lightning Arresters
- Sewage Solutions
- Plugs, Lights, Stove & Geyser Installations
- So much more

over 25 Years Experience

24 HOURS 072 735 2851 7 DAYS

LEGENDS POWER HOLDINGS
WORLD leaders in classic automotive battery brands • TESTED & FITTED

VARTA AUTOMOTIVE BATTERIES
083 260 7589 • 012 997 0464/8
1299 De Villebois Drive
Moreleta Park, Pretoria

BADGER PRO PTY LTD

BATTERY LEGENDS
083 260 7589
012 997 0464/8
1299 De Villebois Drive
Moreletapark, Pretoria

BATTERYE; BATTERYE; BATTERYE;

Kies NET die BESTE!

LAWNMOWER LEGENDS

Bewese, betroubare bossiekappers vanaf < 1kW tot 2.8kW krewels!

STIHL BR 700
KRAGTIGE blaser:
35 N Blaaskrag maak voorbrande met gemak

STIHL RE 110
Hoëdruk spuit
1.7 kW / 440 Liter / minuut / 110 Bar druk
WINSKOOP @ **R 3 900**

STIHL AT HOME

1299 De Villebois Drive,
Moreletapark, Pretoria East
Tel: 012 997 0464/8
E-mail: legends@forextrader.co.za
www.legends-power.co.za
Battery Legends & Lawnmower Legends divisions of:
LEGENDS POWER HOLDINGS (PTY) LTD

LEGENDS POWER HOLDINGS
We Strive to Meet YOUR Specialised Needs – DOMESTIC & INDUSTRIAL

STIHL

Pryse geldig tot 31 Augustus 2020 of solank voorraad hou – tensy anders vermeld; F&WU

Dapper prof help ietermagog-stroppers vastrek

Ietermagog-stroppers is op 30 Julie in hegtenis geneem ná hulle in 'n lokval gelei is deur prof Ray Jansen, grondeienaar van Kaalfontein, naby Du Plooy Melkery. Ray, 'n professor aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie, is die voorsitter van die niwingsgewende organisasie, Afrika Ietermagog Werkgroep. Hy het 'n gewaagde intelligensiegebaseerde operasie uitgevoer met die hulp van Cullinan SAPD Veediefstal en Bedreigde Spesies-eenheid met ondersteuning van die SAPD Gautengse K9 eenheid, die Bronkhorst-spruitse SAPD K9 eenheid en GDARD se Groen Skerpioene. Ray het gemaak of hy 'n Temmincks ietermagog wil koop en het gereël om die verdagtes by die Rose Shell Garage langs die N4-Oos snelweg te ontmoet.



Ná die ietermagog gered is
Foto: Prof Ray Jansen

Hy vertel dat die taakspan om 11 vm by die Jan Ellis Total-vulstasie op die hoek van die Ou Bronkhorstspuitpad en Cullinan/Rayton-pad vergader het om die operasie te beplan voor hulle na die Rose vulstasie vertrek het. Die SAPD se taakspan het omstreeks 11:45 by die ontmoetingsplek ingetrek en Ray het 12 uur daar aangekom. 'n Halfuur later was die verdagtes daar en Ray het een van hulle ontmoet. Ná hulle oor 'n verkoopprys ooreengekom het, het hy vir Ray die ietermagog in die kattebak van sy motor gewys. Dit was 'n groot volwasse mannetjie wat uit sy gebied in die bosveld gestroop is. "Ek het die sein gegee en die taakspan het op die toneel 'ontplof' soos hulle inbeweeg het," vertel Ray. Vier verdagtes is in hegtenis geneem – een Suid-Afrikaanse burger, 'n Kongolese- en



Die ietermagog in die kattebak
Foto: Prof Ray Jansen

twee Malawiese burgers. Die verdagtes is by die Bronkhorstspuit-polisiestasie aangekla vir die besit van 'n bedreigde en beskermde spesie sonder 'n permit. Teen **Die Bronberger** se sakyd was die ietermagog onder veeartsorg en sal binnekort sy rehabilitasie begin voor hy op 'n geskikte bosveld-plaas vrygelaat word. Verlede jaar Oktober het ons berig dat die stroop van dié diere in 2019 met 75% persent toegeneem het, wat meer is as die stroop van renosters. Ietermagog is meer bedreig as renosters en kan binne die volgende vier jaar uitsterf as die stropery so aanhou. Daar is 'n oorweldigende groot mark vir ietermagog-skubbe in Asië, veral in Sjina, omdat hulle glo dat dit medisinale waarde het.




Die stroppers is in hegtenis geneem
Foto: Prof Ray Jansen



Die ietermagog
Foto: Gareth Thomas

Ray sê dat 'n ietermagog nie langer as twee weke sal lewe ná hy gevang is nie. Stroppers probeer om vir dié diertjies rys en brood te voer, maar hulle het nie 'n bewegende kakebeen nie en het geen tande nie. Hulle vreet net miere, maar sal nie dooie miere of kos wat hulle nie self gevind het, vreet nie. As jy inligting oor stroppers het, besoek www.africanpangolin.org of kontak prof Ray: jansenr@tut.ac.za of 082-555-1016.



Prof Ray Jansen
Foto: Verskaf

Marié oorlede

'n Jarelange inwoner van Mooiplaas, mev Marié Steyn, eggenote van prof PL Steyn, is op 20 Julie

oorlede nadat sy in haar huis geval het en ernstige kopbeserings opgedoen het.

Kliek Konsultante

www.kliekkonsultante.co.za

- Belasting
- Finansiële-state
- Boekhouding
- Konsultasie

Kontak Awie Erasmus
Tel: 072 815 4053
Epos: kontak@kliekkonsultante.co.za

R500
Aircon Regas

Service & Repair
ALL types of vehicles

- Advanced Diagnostics
- Aircon Repairs & Regas
- Mechanical Repairs
- Windscreen Replacement
- Trailer Service & Repairs

Bashewa Motors cc

Cornelis 081 409 2376
Joris 082 850 3124

www.qualuminium.com
kobus@qualuminium.com
Fax: 086 609 6403

Kobus
082 439 6403

Aluminium Doors & Windows • Glass & Glazing
Showers • Shop Windows & Fitting Services

DIE NAAM SÊ DIT ALLES | THE NAME SAYS IT ALL

Boma Vleismark Meat Market

We deliver!
Email to order info@bomameat.co.za

Boma Deli
now open

No.1 Meat Market in SA

BOMA Meat Market Garsfontein/Rubenstein Drive
Moreletapark 012 998 8711

BOMA Meat Market Olympus, Olympus Drive
012 991 3022

Since 1994 www.bomameat.co.za

UMKHULU KONSTRUKSIE

- Ons bou huise
- Ons doen aanbouings & verbeterings
- Ons lê plaveisel
- Ons span elektriese heinings en kan CoC uitreik
- Ons rig weerlig-afleiers op en kan CoC uitreik
- Ons doen algemene verwerk
- Opspoorbare verwysings beskikbaar.

Gerhard 082 765 5897 / Pieter 082 824 7681

Broodblik & Koffiepit

PADSTAL

083 445 1608 | [Facebook: Broodblik & Koffiepit](https://www.facebook.com/BroodblikKoffiepit) | adelekoffiepit@gmail.com
OP DIE R51 SPRINGS PRETORIA PAD TUSSEN PETIT & BAPSFOONTEIN | S26° 02.336 E028° 23.477

INSKRYWINGS VIR 2020

Liefie-Lyf Akademie

Inskrywings vir 2020 nou oop

Ouderdom: 12 maande tot Graad R
Dae: Maandae tot Vrydae
Tyd: 06:50 tot 14:00 of Voldag Opsie
Plek: Kleinhowe 218 Mooiplaas, Grysboekstraat, Donkerhoek, Pretoria-Oos
Kontak: Me MS Erasmus, 076 028 8747
mariska@liefie-lyf.co.za
www.liefie-lyf.co.za

Nuwe opwindende jaar program

Waar ons die wonder van die wêreld ontdek en speel-speel slim word!

Stadsmense probeer bosbokkie red

In Bosbokkie, wat uit die Moreletakloofse natuurreservaat ont-snap het, het voor voertuie in Rubensteinrylaan beland en het, ondanks verbete reddingspogings deur natuurvriende en diere-artse dit nie gemaak nie. Die bosbok het in Julie blykbaar deur 'n opening in die reservaat se heining gekom. Hy is buite die reservaat op die groot oop stuk grond langs Rubensteinrylaan, onder Rurtgersstraat gesien. Jeannie du Plessis het laat weet dat vrywilligers die reservaat se palissade-heining op 17 Julie oopge-

maak het sodat die bosbok weer kon ingaan, maar hy het na Rubensteinrylaan beweeg waar hy in 'n motorfiets vasgehardloop het. Reg Lehmann het gesê dat die motorfietsryer nie beseer is nie, maar dat dit lyk of 'n voertuig die bosbok se agterbene vroeër getref het. Dr Mark van Wijk van Moreletapark Dierehospitaal was vinnig op die toneel om die bosbok te probeer help. Vriende van Moreletakloof bespiegel dat die bosbok dalk by die reservoier aan Rutgersstraat se kant, waar misdadigers 'n groot gat in



Die bosbok probeer op 16 Julie deur die palissade-heining kom langs die oop stuk grond tussen Rubensteinrylaan en die reservaat
Foto: Tania Potgieter

die heining gesny het, uitgekrom het. Die Vriende het dié opening solank toegemaak terwyl hulle vir Natuurbewaring gewag het. Die Vriende het John Potgieter en sy vrou, Tania wat by **Die Bronberger** werk, bedank dat hulle die ontsnapping gerapporteer het en die volgende paar dae gehelp het om die bokkie te probeer opspoor. "Ons het ons bes probeer om die



Die bosbok op die sy-paadjie ná die ongeluk
Foto: Moreletakloof Natuur-reservaat

bokkie veilig terug te kry, maar het hom verloor," sê Jeannie. Die reservaat word grootliks deur vrywilligers en skenkings in stand gehou. As jy 'n bydrae wil lewer, maak jou skenking aan Vriende van Moreletakloof; FNB, takkode: 230732; rekeningnommer: 62790145009.

Selfmoord hou aan toeneem

Nog 'n selfmoordpoging het op 16 Julie in Faerie Glen afgespeel. Die Volunteer Emergency Medical Response Unit (Vemru) het net voor 11 uur daardie aand 'n noodroep ontvang. Toe die paramedici daar aankom was die pasiënt in 'n ernstige toestand. Saam met gewapende reaksie-offisiere op die toneel, het hulle begin werk om

die pasiënt te stabiliseer voor ander mediese personeel daar opgedaag het. Die spanne wat saamgewerk het was van Netcare 911, ER24, Life-Support 24/7, Bull Security en Brinant Security. 'n Besluit is geneem om die pasiënt met 'n helikopter na 'n spesialis trauma-hospitaal in Johannesburg te vervoer. Die Garsfon-

teinse Gemeenskapspolisieringsforum, CSI Security, Tracker SA en Tshwane Metropolisie het gehelp om 'n veilige landingstrook vir die helikopter daar te stel. In 'Selfmoord neem kwaai toe weens inperking' het ons verlede maand berig dat daar 'n merkbare toename in selfmoordpogings in Pretoria-oos is sedert die Covid-19 pandemie toegeslaan het.

Casper Visser, woordvoerder vir Vemru, wat gereeld na sulke tonele uitgeroep word, verduidelik dat hulle 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie is wat vir hulle voortbestaan afhanklik van skenkings is. Deel van Vemru se nooddienste sluit 'n trauma-beradingafdeling in. Bel Casper Visser by 082-893-6873.

Gebied se geliefde Nico laat groot leemte

Nico Breytenbach, geliefde inwoner van Boschkop, is na 'n lang siekbed in die vroeë oggendure van 3 Augustus oorlede. "Maandagoggend vroeg, net ná middernag, het Nic finaal rus gevind. 'n Groot boom het geval. Hy was rustig in sy slaap, knus en warm in sy eie bed. Uiteindelik verlos van die pyn," lui die boodskap wat die familie uitgestuur het. Nico het bloedkanker gehad en sy niere het nie meer gefunksioneer nie, wat na vogopbouing gelei het. Hy het 'n ruk voor sy afsterwe gordelroos ontwikkel omdat sy immuunstelsel deur die kanker afgetakel is. Nico en sy vrou, Lynette, was vir dekades in die Bronberggebied doenig. Saam was hulle 'n gedugte span en het 'n wye verskeidenheid ondernemings bedryf, waarvan die bekendste sekerlik die legendariese Nikos Restaurant in die destydse Zwavelpoort-sentrum was. Baie jare ná dié kuierplek weens omstandighede gedwing is om toe te maak, het mense met nostalgiese oordele die plek gepraat en vertel van die plek hulle na die saam-



Nico Breytenbach

mal se oproepe en besoeke die laaste weke. Ons as familie, is almal baie dankbaar vir julle ondersteuning. Al die liefde wat Nic sy lewe lank uitgedeel het, is in julle omgee weerspieël. Dankie. Dankie," het die familie geskryf. Ten spyte van al die gesondheidsmoeilikhede wat Nico oor die jare getref het, het hy nie sy sin vir humor verloor of ophou grappies maak nie. Met sy laaste matriekreünie, wat hy weens probleme met beweeglikheid op sy elektriese karretjie bygewoon het, het hy in die saal resies gejaag teen 'n klasmaat, Mossie Oosthuizen, op

kuier en vriendelike gashere terug verlang. Daar was maar min mense wat nie in daardie jare deur Nico se omgee-persoonlikheid en trane wat maklik kan loop as 'n storie sy sagte hart ruk, geraak is nie. "Dankie vir al-

'n rolstoel. Die maats op dié reünie het Nico as Madot geken – sy bynaam van Marken se dae, waar hy op 3 November 1946 gebore is, skoolgegaan het en sy pa die skoolhoof was. Nico het sy pa se memoires, wat 'n familielid in boekvorm, genaamd 'Meester' omgeskakel het, gekoester. Hy het die oorspronklike manuskrip by hom gehad en het gereeld vir vriende daaruit voorgelees. Nico se seun, Pierre, 'n akteur bekend vir sy rol in 'Getroud met rugby', skryf: "My mentor, rolmodel en beskerm. Die byna twee-meter hoë sagmoedige reus, met die persoonlikheid wat 'n stadion kon vul. Wat my alles van liefde en omgee geleer het. My geleer het van karakter, en wat dit beteken om werklik 'n man en pa te wees." "Wat my elke keer gewys het dat die opstaan belangriker is as die val. Wat sy sprankelende vrou liever as homself gehad het. Sy kinders elke oomblik in sy hart gedra het. . . al het ons dit soms in ons onkunde gebreek. Wat vir jou aanhoudend sê hy is lief vir jou, jou nooit ophou druk nie, jou vertel



Nico en Lynette Breytenbach in die jare wat hulle Nikos in die Zwavelpoort-sentrum bedryf het

hoe trots hy op jou is. Wat tot in die laaste dae nog vir my gewys het hoe die Here se liefde werk. . . Aan hom, my pa. . . dankie dat ek jou seun kon wees." Nico laat sy geliefde vrou Lynette, wat hy met 'n spesiale stemtoon Lynnie genoem het, agter sowel as vyf seuns (Johan, Pierre, Nico, Terreblanche en Schalk) met skoon-dogters en 12 kleinkinders. Sy begrafnisdiens was op 7 Augustus by die NG Tygerpoort-gemeente in Shere. Covid-19 regulasies het gemaak dat slegs genooide familie die finale afskeid kon bywoon. Omdat Nico se diens dié groot kerk sou kon vol pak, is die hele diens regstreeks op NG Tygerpoort se YouTube-blad uitgesaai sodat die hele gemeenskap deel daarvan kon wees.

Bashewa
SAVERITE
SUPERMARKET
Where everyone is welcome

012 811 5013
Struggling to reach us?
Phone our cell phone
082 289 6014

Hours during lockdown
Mon-Fri 7:30-18:00
Sat 07:30-18:00
Sun 08:30-15:00
Public Holidays 09:00-17:00

Plot 164
Bashewa

We support local fresh fruit
and vegetables available

TAKE AWAYS AVAILABLE

Deliveries available
Monday - Friday 10:00-15:00

Afgri Ostridge Grower
Complete Feed 40kg @ R250

Chicken Feed 40kg
Top grower @ R285-50
Top starter @ R354-00
Top finisher @ R251-00

Jock Multi Stage Dog Food
40kg @ R751.00
20kg @ R341.00
10kg @ R189.00

Jock Value 40kg @ R625.90
Dog Food 25kg @ R369.50
10kg @ R186.50

Gas exchange
9kg @ R200
19kg @ R450
48kg @ R895

We do deliveries
Monday to Friday
09:00 - 16:00
Saturday
09:00 - 15:00

TEL: 011 822 8503
011 964 1323
FAX: 086 630 2616
sales@gas2u.co.za
www.gas2u.co.za

GAS2U

S26°0.180 E28°24.807
14 Magic Avenue
Bapsfontein
(near BP Garage)

Multi-purpose Blowtorch
(excludes cylinder).
Used for culinary purposes,
soldering & much more
WAS R249-99
NOW ONLY R149-95

**How much gas do you have left in
your cylinder?**
No more guessing and
running out! Get your
Bullnose Regulator with
Gauge TODAY!
WAS R130-00
NOW ONLY R99-00

Walk-in only

LP GAS
3kg - R63-60
4.5kg - R94-90
5kg - R105-45
7kg - R147-65
9kg - R189-90
19kg - R400-90
48kg - R1 012-80

Cadac Skottel Braai
NOW R899-00

Cadac BBQ Pizza Stone
NOW R199-00

Six-burner Zero Stove
NOW ONLY R6 499-00

1101 Lumen Tazer Flashlight
NOW ONLY R99-00

Nova Toilet Paper
18s (2 Ply) - R85-00
24s (2 Ply) - R116-00

Talon 2-stroke 26cc Petrol Blower
NOW R1 999-00

Double-door Refrigerator-Freezer
NOW ONLY R6 799-00

Luxury soft

TOILET TISSUE
48s (1 Ply) - R169-00

All prices valid for August 2020 & include VAT. Terms & Conditions Apply

Kitsbank en kluis met plofstof bygekom

Die kitsbank en kluis by die Jan Ellis-sentrum is twee uur die oggend van 25 Julie deur misdadigers geteiken. Hulle het probeer om dit met plofstof oop te blaas, maar die poging was glo 'n misluk-



Die kitsbank lê op die grond

king en hulle kon nie daar kontant kry nie. "So ver ek verstaan is daar net so oor die R400 uit die vulstasie se kasregister geneem," sê Laurika van der Linde, wat by die veearts-winkel in dié sentrum, op die hoek van die Ou Bronkhorstspuitpad (R104) en die Rayton/Cullinan-pad (R515), werk. Sy sê dat dit nogal 'n angswekende Saterdagoggend was. Die polisie het die sentrum se ingang aanvanklik afgesper en mense moes wag voor hulle kon ingaan. Die

petroljoggies van die vulstasie het verdwaas rondgestaan en kyk hoe die polisie letters plaas waar bysystukke gevind is. Laurika vertel dat die sentrum se sekuriteitswag in die rug gewond is, maar dat hy teen die Bronnie se saktid stabiel was.



Voertuie parkeer langs die pad omdat die ingang na die Jan Ellis-sentrum deur die polisie afgesper is
Foto's: Laurika van der Linde

Daar was vyf verdagtes, waarvan een 'n vrou was.

Aanlyn-spoke loop in Augustus

Aanlyn-spoke loop in Augustus – dalk tot binne-in jou sitkamer. In dié inperkingstyd van Covid-19 is dit nou moontlik om die hele land se spookbustoe vanuit jou eie huis te ervaar. Mark Rose-Christie van Vaalbank se 20-jaar-lange Mystery Ghost Bus, wat na Mystery Ghost Jaunt herdoop is, bied dié ervarings aan met ekstra byvoegings soos werklike waarnemings, regte foto's en die wêreldbekende parasieelkundige, dr Rupert Sheldrake. President van die oorspronklike Spookklub van Engeland, Peter Underwood, het gesê dat 'n mens sekere kwaliteite moet hê om die bonatuurlike behoorlik te ondersoek: Jy moet 'n towenaar wees

om leuens te kan uitken, 'n sielkundige om hallusinasies in twyfel te trek en 'n wetenskaplike soort speurder. Mark is al drie van dié en 'n vermaaklikheidskunstenaar ook nog.

Die aanlyn-spoke loop van 21 tot 29 Augustus om 8 nm. Kaartjies kos R69 en is by Computicket beskikbaar. Kyk na die voorskou by <https://youtu.be/4VZcY7JA8RQ>.



Mark Rose-Christie

LIBERTY Stables and Riding School

- Riding lessons for beginners to advanced riders of all ages
- Ideal exercise during lockdown
- Stabling, half-baiting and quarter-baiting available
- Interaction for toddlers and moms

Shows Holiday Camps Fun Events Kids' Parties

Juanita 082 417 8137 www.libertystables.co.za

Blyfontein Kwekery

Dit is nou die ideale planttyd om optimale groei in die lente en somer te verseker.

Aalwyne van verskillende aard en grootte, nou te koop

Proteas ~ Broodbome ~ Sitrusbome ~ Aalwyne

Kom kies uit ons groot verskeidenheid, selfgekweekte bome en struie!

DIE ENIGSTE INRY-KWEKERY IN DIE OOSTE

Anna 083 600 1909 | Pine 082 600 7776
www.blyfontein.co.za

Lynnwoodweg-verlenging, 8km verby Hans Strijdomrylaan oorkant Swaeltjie-afdraai
Maandae – Vrydae 8vm - 5nm | Saterdag: 8vm - 4nm | Sondag gesluit

Polisie 'soek' samekomste in gebied

Rosemary Hill-landgoed op Mooiplaats moes op Saterdag 18 Julie by die Boschkopse polisie hoor dat hulle tydelik gesluit word omdat hulle nie aan afsonderings-regulasies voldoen nie. Die polisie het hulle die Maandag laat weet dat die sluiting 'n "fout" was en dat hulle weer kan oopmaak. Landgoed-eienaar, Thomas Franken, het die Saterdagmiddag 'n video op Rosemary Hill se Face-

bookblad gesit waarin hy vertel dat die polisie daardie oggend onverwags opgedaag het en hom gedwing het om sy bedrywighede te staak, anders sou hulle hom summier in hegtenis neem. Polisiebeamptes het glo die hoofingang dopgehou en die voertuie wat inry, gemonitor en besluit dat daar 'n samekoms van meer as 50 mense is. Thomas is nie kans gegun om te verduidelik dat daar

verskillende ondernemings en aktiwiteite op die landgoed is en dat elk sy eie gesondheidsprotokol het nie. So is die koffiewinkel heeltemal apart van die staproetes en fietsryroetes. Met die hulp van 'n advokaat het Thomas 'n formele plan opgestel en daar is intussen tot 'n vergelyk met die polisie gekom. Die Maandag het 'n kaptein van die polisie-stasie vir Thomas gebel en het ge-

sê dat bedrywighede hervat kan word. Thomas het gesê dat hulle die bestaande gesondheidsprotokol nog strenger maak, besprekings by die koffiewinkel en staproetes ooreweeg, en dat hulle daaraan dink om die verkeer so te reguleer dat daar nie te veel voertuie by die hoofingang ingaan en parkeer nie.

Marie verras met verby-ry-verjaardag

Die gemeenskap het Garsfontein, Marie Botha, met 'n verby-ry optog verras vir haar 80ste verjaardag. Weens inperkingsmaatreëls kon sy nie dié dag saam met familie en vriende deurbing nie. Marie het op die sypaadjie gesit terwyl 'n groep bure verby gery het, gelukwense uit hulle motors geskree het en geskenke afgelaai het. Sy vertel dat selfs fietsryers, haar sekuriteitsmaatskappy en mense wat met hulle honde stap, haar vanuit die straat geluk gewens het.

toe getrek ná haar man oorlede is. Sy vertel dat dit nie is hoe sy gedink het sy haar 80ste verjaardag

sal vier nie en sy was baie opgewonde oor die groot verrassing wat mense uitgedink het om by die Covid-19 maatreëls te hou.

Marie is 'n aktiewe lid van haar gemeenskap en die verby-ryers het haar laat weet hoe spesiaal sy vir hulle is.



Marie Botha op haar 80ste verjaardag

Marie is op 18 Julie 1940 in Lady Smith in die destydse Natal gebore. Sy het as onderwyseres in Pretoria begin werk en het twee dogters en twee seuns gehad. Sy het in 2004 Garsfontein

NEWLANDS GARDEN CENTRE

Create a beautiful garden!!

We specialize in:

Mushroom compost | Lawn dressing | Garden soil mixes | Building material

INSTANT LAWN R7.00 per roll collected

PPC Cement @ R86.50 collected

Mushroom Compost: R420/m³

WE DO MINI & MAXI LOADS

WE ALSO SUPPLY 50KG FERTILIZERS!

Clearance Sale!

Concrete | Steel products | Pots | Fountains

ALL -40%

Tel: 012 480 0191 / 012 480 2094 / Fax: 086 271 8388
E-mail: fred@newlandsgc.co.za | www.newlandsgardencentre.co.za
PLOT 650, ELAND STREET, RIETFontein AGRICULTURAL HOLDINGS, MOOIKLOOF, PTA EAST

Mr Gutter

SEAMLESS GUTTERING SYSTEMS OF DISTINCTION

QUALITY SEAMLESS GUTTERING FASCIAS & BARGE BOARDS CHROMADECK & COLOURBOND

012 736 9024/6 / 082 926 7233
Fax2Mail: 086 716 6710
mrgutter@lantic.net | mrgutterpta@gmail.com

WE ALSO MANUFACTURE WASHING LINES

www.mrgutter.co.za

Kwarantyn-dorpe was in toeka se Pretoria al 'n instelling

Angie Kleijn

Skielik, in 2020, beteken die woord 'kwarantyn' iets wat ons almal raak. Wie sou kon raai dat daar 'n pandemie sou kom waar mense opgesluit word – amper soos melaatses. Min mense weet dat daar 'n hele self-onderhoudende dorp vir melaatses was toe Pretoria nog in sy kinderskoene gestaan het.

Dié dorp rondom die Westfort Melaatse Hospitaal was wes van Pretoria, langs Lotus Gardens en Danville, aan die voet van 'n militêre fort op Daspoortrand, wat ook Wit-

watersberg genoem word. Dié Boerefort is aanvanklik Fort Daspoort genoem, maar is in 1901, ten midde van die Engelse Oorlog, na Westfort herdoop.

In die laat 1880's is 'n hospitaal vir navorsing oor die behandeling van pokke op die perseel gebou. Dit was as die Daspoort Hospitaal bekend en Westfort Hospitaal is aanvanklik as 'n uitbreiding van dié pokke-hospitaal aangebou.

Die Aansteeklike Siektes Wet van 1880 het bepaal dat die behandeling van oordraagbare siektes deur openbare wetgewers gereuleer moet word. Daar was glo 'n groeiende bekommernis en vrees vir dié soort siektes wat die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) se Volksraad genoep het om op te tree om 'n epidemie te voorkom.

Wet

Die eerste geval van melaatsheid is in 1888 in Pretoria opgeteken. In 1897 het president Paul Kruger die Melaatsheid Afsonderingswet ingestel en



St Mary's Hospitaal in Westfort-kolonie

Foto: PhoenixParanormalSA

Westfort Melaatse Instituut het die volgende jaar sy deure oopgemaak.

'n Voormalige hospitaal-administrateur verduidelik dat die eerste nuwe gebou aanvanklik die Nuwe Pretoriase Melaatse Gestig genoem is, om hom te onderskei van die provinsiale skure wat vroeër langs die Daspoort Hospitaal opgerig is. Die plek was later as die Westfort Melaatse Instituut bekend en is in 1979

na Westfort Hospitaal herdoop. Die hospitaal se eerste fases is volgens die ontwerp van Hollands-gebore argitek, Sytze Wierda en Klaas van Rijse, op bevel van die ZAR Departement van Openbare Werke gebou. Dié tydperk, wat gedeeltelik saamgeval het met die Hollandse koningin Wilhelmina se leeftyd, is later 'ZA Wilhelmiens' genoem.

Westfort Hospitaal en -dorp se geboue word deesdae herken as 'n erfenis wat met Holland gedeel word. Die ontwerp is soortgelyk aan dié van melaatse institute in vorige Hollandse kolonies, soos Suriname en die Hollands Oos-Indies (Indonesië), en die hele dorp se uitleg lyk baie soos Veenhuizen,



Pasiënte lê in die son as deel van 'n daaglikse ritueel, 1941

Foto: NASA Archive collection: 2015



Een van die ou kerksies

Foto: PhoenixParanormalSA

'n voormalige Hollandse melaatse kolonie in die noorde van Holland. Dit was Sytze Wierda se plan om 'n onafhanklike dorp te ontwerp, en daar was doktershuise, koshuise vir verpleegsters, sale vir die melaatse

Teen 1900 het die hospitaal sy eie plaas bedryf wat vleis, pluimvee, vrugte, groente en selfs heuning voorsien het.

'n Poskantoor, polisiestasie, skole, winkels en nog kerke is gebou. Daar was later vier kerkale: Nederland Gereformeerde – 1896; Switserse Sending van Vaud – 1903; Anglikaans – 1914; en Rooms Katoliek – 1916.

In Februarie 1906 is die paaie en 'n muur rondom die hospitaal voltooi. Daar was toe ook al 'n hout-werkwinkel, smidswinkel, boekbin-der-werkwinkel en melkdepot. Sytze Wierda se konsep van 'n dorp, wat 'n gevoel van huislikheid moes gee, het die pasiënte, wat

teen hulle sin daar moes bly, nie noodwendig tuis laat voel nie. Dit was die enigste hospitaal in die land wat 'n tronk gehad het en teen 1917 is 'n reeks van agt wagtorings opgerig om te verhoed dat pasiënte ontsnap sodat die publiek teen dié ongewenste siekte beskerm kan word.



'n Gebou aan die voet van Daspoortrand

Foto: Nicholas Clarke

Die mees prominente buitegeboue wat uit dié tyd dateer is die kombuis-kompleks, die teater en store. Die melaatse gestig op Robbeneiland het in 1931 toegemaak en het met Westfort saamgesmelt as die enigste veelrassige melaatse kolonie in die land. Baie van die



Een van die ou huise op Westfort-dorp

Foto: PhoenixParanormalSA

voorafvervaardigde strukture in die dorp het oorspronklik van Robbeneiland af gekom, maar 'n hele paar addisionale sale en isolasie-

kamers is in dié tyd aangebou.

Ontwikkeling van Westfort het tot 1947 geduur, toe die laaste konstruksiefases afgehandel is. Intussen is die ou fort op die berg met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog afgetakel. Alle staal is vir hergebruik gestroop.

Sluit

Die Westfort Hospitaal is in 1996 gesluit toe die beleid oor die behandeling van

melaatsheid verander het ná daar uitgevind is dat die siekte nie aansteeklik is nie. Teen die einde van die 20ste eeu was melaatsheid nie meer 'n ongeneeslike siekte nie.

na bladsy 16

SLAGHUIS/BUTCHERY

Rayton Biltong en Braai

Ons gaan haal karkasse in 'n radius van 100 km om Rayton en Cullinan gratis vir verwerking by ons

012 943 4711
071 629 5864

Besigheidsure:
Maandag – Vrydag: 8 vm tot 6 nm
Saterdag: 8 vm tot 3 nm

Basiese Verwerking

Let daarop dat alle pryse BTW insluit.

Vel afslag 10-39kg	R61.00 elk
Karkas <80kg stoor	R100.00 per dag
Karkas >80kg stoor	R150.00 per dag
Vel afslag 50kg+	R125.00 elk
Basiese bewerking	R9.50/kg
Sny van braaisnitte	R2.50/kg
Maal vleis	R7.00/kg

Plus die volgende kostes vir toepaslike bewerking.

Maak van die volgende produkte

Maak van biltong	R8.50/kg
Maak van chilli bites	R8.50/kg
Dun droëwors (Can 22)	R23.50/kg
Dik droëwors (Boerewors derm)	R17.00/kg
Maak van sosaties	R13.00/kg
Maak van patties	R13.50/kg
Dik braai wors	R20.50/kg
Dik kaas/peppadew braai wors	R25.50/kg
Dun braai wors	R23.50/kg
Dun kaas/peppadew braai wors (Can 22)	R27.50/kg

Bg. kostes sluit arbeid, speserye en derms in.

Plus:

Brisket vet	R81.00/kg
Varkvleis 50/50	R69.95/kg
Skaapvet (Indien beskikbaar)	R79.95/kg
Skaapstert vet	R79.95/kg

Pekel & gerookte produkte

Cheese grillers	R39.50/kg
Cabanossi	R39.50/kg
Salami	R39.50/kg
Frankfurters	R40.00/kg
Viennas/pienk worsies	R41.00/kg
Kassler tjops	R37.50/kg
Eisbein	R37.50/kg
Russians	R42.00/kg

Verpakking

Vakuum verpakking	R1.60 elk
Fomo	R1.20 elk
Klein verpakking (sakkies)	R0.60 elk

Ander dienste gelewer

Rook van vleis	R4.50/kg
Pekel van vleis	R3.50/kg
Hang & droog (Indien spasie beskikbaar)	R8.50/kg

Die wagperiode is ongeveer 'n week.
Indien dit baie besig is kan dit langer wees

JP Conradie Boerdery BK

Die Oorspronklike Conradies

www.jpconradieboerdery.co.za

Organiese produkte:

- Kompos – ideaal vir alle beddings – R264.50/m³
- Garden GrowGrow (fyn gesifte mis met bogrond gemeng) – baie voeding en ideaal vir grasbolaag & Landskapgrond, baie voeding en ideaal om blombeddings mee aan te vul of om 'n area mee gelyk te maak of hoër te lig voordat kitsgras of tuin gemaak word – R247.25/m³
- Gesifte Braaikuikenmis – R264.50/m³
- Landskapmengsel – R247.25/m³

Klipprodukte:

- Dump Rock: 60-150mm – R216.20 / ton
- Dump Rock: 150-300mm – R216.20 / ton

Vir enige navrae of kwotasies, stuur gerus 'n e-pos na
office.man@mweb.co.za of admin.man@mweb.co.za of jpconradieboerdery@gmail.com
www.facebook.com/JPConradieBoerderyBK/

Dui asseblief die hoeveelheid wat u benodig aan sowel as die area vir aflewering.

Besigheidsure: Maandag tot Vrydag: 07h00-12h00 & 13h00-16h00 | Saterdag 07h00-11h00

Kantoor: 079 5277 079 / Weegbrug: 079 888 6794 GPS koördinate: -25.920504 & 28.600459

Kwarantyn...

vanaf bladsy 15

Die hele Westfort-dorp is in 1998 gesluit, maar van die mense het agtergebly, soos twee Afrikaanse mans wat eens hekwaagte was. Dié wagte het in hulle huise agtergebly, ten spyte van die plakkers wat in 2001 daar begin intrek het, en het op die grond met hoenders, eende, honde, papegaie, wed-vlugduiwe, goudvisse, rose en mie-lies begin boer.

'n Studie wat sowat vier jaar gelede gedoen is, beraam dat ongeveer 5 000 mense van alle ouderdomme en rasse in Westfort-dorp plak. Dié mense woon onder haglelike omstandighede in die vervalde



Een van die ou huise waar plakkers ingetrek het
Foto: Nicholas Clarke



Die naam op dié ou gebou is vandag onleesbaar
Foto: Nicholas Clarke

gebou sonder elektrisiteit, lopende water of spoeltoilette.

Die metro-munisipaliteit het vyf watertanks, wat daaglik gevul word, geïnstalleer. Tien chemiese toilette is opgerig en die dorp het sy eie wyksraadslid. Die plakkers word jaarliks meer en 'n menigte lae-koste behuisingprojekte kruip al hoe nader aan Westfort-dorp. Ontwikkeling is ook vir Westfort self beplan met 6 000 ge-



'n Lugfoto van die Westfort-kolonie in 1956
Foto: NASA-versameling, UP

subsidieerde lae-inkomste huise. Nuwe pype is deur die dorp gelê en paaie, wat bo-oor gebou uit die 1890's sal loop, is beplan.

versiteit van Tegnologie, die Universiteit van Pretoria (UP) en ander partye werk saam aan dié projek, wat hulle as "van internasionale belang" beskryf.



Die ou 'Zoele-rondawels'
Foto: Nicholas Clarke

Hersonering is glo goedgekeur ten spyte van die feit dat Westfort outomatiese beskerming van die Suid-Afrikaanse Nasionale Erfenis-hulpbron Wet (25 van 1999) geniet.

Erfenis

In 2014 is die Westfort-terrein egter as 'n gedeelte erfenisterrein tussen Holland en Suid-Afrika geïdentifiseer. In Maart 2015 het 'n projek afgeskop om die terrein te bewaar, terwyl die lewensomstandighede van diegene wat daar plak, verbeter word. Die Rijkdienst voor het Cultureel Erfgoed (RCE), die Nederlandse Ambassade in Pretoria, Delft Uni-

na bladsy 18

Oxbow country estate

★★★★★

*Beautiful gardens and dams;
a perfect outing for the whole family,
with pedalo boat rides.*

Oxbow Country Restaurant
Situatied off the R25 towards Bronkhorstspuit
www.oxbowestate.co.za
013 932 8000 / 083 302 0575

**New restaurant, open on Sundays
only from 6th September 2020**

**A delicious breakfast and
lunch menu on offer**

Booking essential

OK Foods Tierpoort

Shonnah Briquettes 4kg or Charcoal
4kg - 3 for R100-00

Sekelbos wood 6kg - 2 for R25,00

Kanaan dogfood 20kg - R199,99/bag

White bread instore 600gr - R6,99 ea

Milktart - R19,99/ea

Muh milk 2lt - 2 for R40

Crystal Valley salted butter 500g - 2 for R90,00

OK Choice wors - R74,99/kg

Many many more specials in store
Ask our Cashiers to assist you, if you don't have a OK loyalty card that will assist with lower prices and a 1% saving on purchases

Please adhere to all Lockdown regulations

While stocks last, until the end of August 2020.

COME fetch your free BUCK-BACK card at Tierpoort Q4 and earn "Rand-for-Rand"

Every rand you save is immediately available at our loyalty partners, as indicated on the card.

TERMS AND CONDITIONS APPLY

REFILL OK Foods OK Liquor

DIESEL PRICE FALLS WITH R1

AUGUST PRICE IS R14.31 FOR 50PPM



Kwarantyn...

vanaf bladsy 16

Die 2015-projek, onder leiding van prof Marieke Kuipers, Jean-Paul Corten en Job Roos, se doel was om jong professionele mense en studente op te lei om die potensiele erfeniswaardes van die Westfort-kolonie op te teken en om rolspelers bymekaar te bring. UP honneursstudente is by die projek betrek.

Dit lyk amper soos 'n ou slaweklok voor een van die geboue toe Westfort nog in werking was
Foto: Eddalean Slater

Tog is Westfort-kolonie in 2016 in gesluit in die top tien lys van bedreigde erfenisterreine in Suid-Afrika.

Intussen het 'n student 'n prys vir haar projek oor Westfort gewen. In Januarie 2017 het Yvonne Bruinette van Lynnwood die UP streekstoekenning van die Corobrik Argitekturstudent van die Jaar gewen. Haar tesis is getiteld, 'The Heritage Portal: an Experiential Narrative', en daarin maak sy voorstelle om Westfort se erfenis te beskerm en die plek se toekomstige waarde te verseker. Die RCE het in 2018 'n artikel oor Westfort, 'Overlevingskansen voor een leprozenkolonie', gepubliseer waarin dit nie lyk of daar enige nuwe ontwikkelings in die



'n Westfort-woning in die later jare, neem deur Eddalean Slater, wat daar grootgeword het
Foto: Eddalean Slater

bewaring van die perseel was nie. In September 2019 het die RCE 'n YouTube video gemaak, waar hulle sê dat die projek steeds besig is met opleiding en advies om die toekoms van Westfort te verseker.



Uitstallings wat destyds op Westfort se grasperke was
Foto: Eddalean Slater



Westfort in die jare voor die hospitaal toegemaak het
Foto: Eddalean Slater

Patt Projekte cc™
FOR ALL YOUR STEEL REQUIREMENTS
SPECIALS: 2nd SHEETING: 3m @ R150 p/sheet
www.pattprojectssteelconstruction.co.za
012 811 0811 / 012 811 0125 / 083 302 0561

NOODKREET
24-Uur-Nooddienste **HELP**
Johan 072 266 9614
www.noodkreetloodgieters.co.za
ONS HET DIE NODIGE TOESTEMMING EN HELP GRAAG TYDENS DIE INPERKING (LOCKDOWN)
ALGEMENE LOODGIETERSWERK
Lekkasies • Herstelwerk • Verstoppe riole & afvoerpype
Koperpypwerk • Toiletspoelkleppe • Toiletinlaatkleppe
NUWE INSTALLASIES
Toilette • Baddens & Storte • Wasbakke • Opwasbakke • Krane • Drukpompe
Drukbeheerklappe • Afsluitkrane • Watermeters • Eenrigtingklappe
GEISER-INSTALLASIES
Songeisiers (hoëdruk en laedruk) • Elektriese geisers • Gasgeisers
GEISER-INSTANDHOUDING
Elemente • Termostate • Veiligheidklappe • Anodes
Vakuumbrekers • Druppanne • Geiserkomberse
KWALITEIT-WERK GEWAARBORG
PRETORIA & OMLIGGENDE GEBIEDE

Inwoners soek nou antwoorde oor Plastic View

Plastic View-plakkerskamp het op 17 Julie vir die vyfde keer in vier jaar afgebrand. Die dag ná die brand is noodkrete aan omliggende inwoners in Moreletapark uitgestuur om dié hawelose mense te help. Dié inwoners sê dat daar van hulle verwag word om hulle harte en beursies oop te maak, terwyl hulle behoeftig aan 'n aanvaarbare oplossing vir die maatskaplike kwessies in die plakkerskamp deur die Tshwane-metro geïgnoreer word. Inwoners is ook boos oor die toename in misdaad, wat hulle glo verband hou met die inwoners van Plastic View.

Die Pretoria-oos Forum vir Informele Nedersettings, 'n gemeenskapsgebaseerde inisiatief wat twee jaar gelede op die been gebring is, sê dat die stadsraad deeglik bewus is van die risiko van brande in Plastic View. Die stadsraad word wetlik verplig om rampverligting te voorsien en het 'n rampverligtingplan, waarvoor daar in die jaarlikse begroting voorsiening gemaak word en wat deur belastingbetalers befonds word. Tog is die stadsraad nie in staat om dié verligting te voorsien

nie en stel ook nie rampbestuursmaatreëls in plek om die gereelde brande te voorkom nie. Dié forum is gestig met die ondersteuning van verskeie gemeenskapsinstansies, soos die Moreletapark Gemeenskapsorgforum, die Tshwane Geldsake Koukus, die Pretoria-Oos Stadsgrens Ontwikkelingsforum, die huiseienaarsverenigings van verskeie residensiële landgoedontwikkelings rondom Plastic View en die Moreletapark NG Kerk. Lex Middelberg, woordvoerder vir die forum, sê dat die metro weier om saam met siviele forums soos dié een te werk tot 'n ramp die gebied tref en dan word daar van aangrensende inwoners verwag



Hutte is deur die brand in puin gelê

om in te spring om die gapings te vul wat deur die metro se verwaarloosende veroorsaak is. Hy sê dat 'n hofbevel om die groei van Plastic View te voorkom, geïgnoreer is; dat polisiëring afwesig is; en dat die forum se herhaalde versoekes oor die afgelope 16 maande vir die saak om in die stadsraad se formele strategiese plan (IDP) ingesluit te word, op dowe ore geval het. Lex sê dat die toestand nie meer aanvaarbaar is nie en dat die forum poog om 'n oplossing vir die situasie in Plastic View binne die raamwerk van die Nasionale Behuisingswet en regulasies te vind. Veertien hofbevele is sedert 2008 teen die Metro uitgereik om iets aan die groeiende plakkerprobleem te doen. Die hofbevele plaas 'n verbod op die verdere oprigting van plakkershuise. Dit behels dat die groei van die nedersetting beheer word, dat sekuriteit verskaf word om behoorlike beheer uit te oefen oor wie daar woon en wie nuwe aankomelinge is, dat die omheining in stand gehou word en dat alternatiewe behoorlike behuising aan die inwoners voorsien word.

Die brand by Plastic View
Foto's: Tshwane EMS

Die grond waarop die plakkers hul hutte opgerig het, behoort aan die Stad Tshwane. Tshwane woordvoerder, Lindela Mashigo, het vroeër gesê dat die metro steeds 'n residensiële ontwikkeling vir dié plakkerskamp se inwoners beplan, maar dat die meeste plakkers buitelanders is wat nie vir regering-gesubsidieerde behuising kwalifiseer nie. Daar woon meer as 15 000 mense in Plastic View en slegs omtrent 800 is by binnelandse sake geregistreer. Lindela het gesê dat die stad 'n diensverskaffer aangestel het om 'n residensiële dorp, bekend as Pretoriuspark Uitbreiding 40, te ontwikkel. Dié dorp sal 853 gesinne kan huisves. Die ontwikkeling word op die 6,4 hektaar grootte restant van gedeelte 284 van die plaas Garsfontein 374-JR, oos van Woodlands Boulevard, beplan. Dit is minder as 'n kilometer vanaf Plastic View. Die metroraad en provinsiale regering was sedert 2009 nog nie in staat om dié projek van die grond af te kry nie.

Bronberg Feeds
Voere
Supplier of All Animal Feeds
We deliver!
We also supply pet products such as shampoo, vitamins, feed bowls, tack, animal medication and lots more.
WE ARE OPEN!!
ESSENTIAL SERVICE PROVIDER
082 447 4461 / 012 811 0136 / rita@bronbergvoere.co.za / www.bronbergvoere.co.za
Plot 10, Garstfontein Road, Grootfontein We are registered for VAT
EQUUS FEEDS ROMIX SPURWING HORSE FEEDS Epol Montego YORK JOCK Complete
Balanced Nutrition Royal CAPSTONE EQUUS ideal OPTIMIZOR The Good Pet Food

Met 'vullisiologie' word weggooi-goed hougoed

Deesdae trek almal die belt 'n bietjie stywer. Dinge wat voorheen summier weggegooi is, kry dalk nou 'n tweede nut – selfs 2 plastiekoeldrankbottels kan nou vir geld ingeruil word. Beïnvloed dit enigens die stand van munisipale vullishope? Sal mense oor 200 jaar studies daaroor doen?

Dit is immers hoe ons iets weet van historiese samelewings – deur hulle weggooi-goed versigtig uit te grave. As die samelewing oud genoeg is, noem 'n mens dit argeologie. Gefossileerde gemors wat in die jare her se ashoop gevind word is dikwels die enigste oorblyfsels van antieke samelewings as hulle nie skrywes, grafte of geboue ag-

ter gelaat het nie. 'n Magdom inligting word oor sulke samelewings verkry deur na kosoorblyfsels, stuifmeel van plante wat toentertyd gegroei het en gebreekte gereedskap te kyk. Die hedendaagse studie wat 'garbology' genoem word (kom ons noem dit somer vullisiologie) is 'n relatief nuwe een. William Rathje, wat 'n professor in antropologie by die Universiteit van Arizona



Gastehys Jan Harmsgat
Foto: Facebook



Francois 'Boskazi' Breytenbach by sy beeldhouwerk, 'Ruik die Aarde', uit skrootmetaal
Foto: Verskaf

In Pretoria fokus navorser Sue Taylor die afgelope 10 jaar (2010–2020) op die weggooi-geschiedenis van 20 verlate ou huise op Unisa se Sunnyside-kampus. Sy hou 'n fotografiese rekord van die huise se verval, asook die soort vullis wat sy daar vind.



Popkoppe in 'n verlate huis
Foto: Sue Taylor, Heritage Portal

Sue vra hoe dit moontlik kan wees dat die mense wat daar gewoon het, verdwyn het en so 'n ryk nalatenskap van weggooi-goed daar gelos het. Sy sê dat baie van die weggooi-goed op 'n pragtige manier verander het soos hulle verval.

na bladsy 22

Slim plan om vliegpote aan kook te hou

Dit is vier maande sedert Pretoria se gunsteling 'weeskind' vliegtuig haar vlerke van die grond kon lug weens Covid-19 regulasies. Little Annie is 'n Antonov AN-2 vliegtuig wat jare reeds kinders se lewens verander deur Just Love Mission. Haar 'pa', Mark Hill van Tierpoort, is intussen afgedank weens die pandemie. Die Hill-gesin het ook hulle hande vol gehad om 'n nuwe blyplek vir Annie te kry. Mayday, mayday, mayday – payday was die woorde op Little Annie se Facebook-blad. Hulle het ook vir Mark in 'bedelaarsklere' aangetrek, verskillende bedelaars-plakkate in sy hand gestop en voor Little Annie afgeneem. Van die hu-



Little Annie se 'pa', Mark Hill, soek werk terwyl Covid-19 regulasies die gesin 'op die grond' het
Foto's: Facebook



Mark Hill, Jon-Marc Hill en Ryan Smith het hulle oorpakke vir voorskote verruil

moristiese bewoording sluit in: "Te koop of te huur, 'n tweedehandse, effe gebruikte vlieënier en 'n vliegtuig in goeie werkende toestand." Intussen het Mark Hill, Jon-Marc Hill en Ryan Smith hulle oorpakke vir voorskote verruil en droëwors en biltong op 'n lugvaart-tema begin maak om die pot aan die kook te hou. Mark en sy bemaning werk aan 'n nuwe aanlyn reeks, 'Three Pilots in a Pot'.

Do you suffer from dry eyes?



E•Eye

- 86% SUCCESS RATE
- LONG-LASTING RESULTS
- 100% PATIENT SATISFACTION

Discover the new dry eyes treatment everybody's talking about. Ask us how!

ARE YOU TIRED OF USING EYE DROPS DUE TO DRY EYES?
NOTHING SEEMS TO SOLVE THE PROBLEM?
WE HAVE THE SOLUTION FOR YOU!

E•Eye

SIMPLE. EFFECTIVE. EASY

- 86% Success rate in reducing or removing the use of eye drops
- 40 000 Treatments done worldwide without a single side effect
- Save between 30 - 50% of the cost of eye drops over a year
- No mess. No fuss - it takes 10 minutes
- No patient compliance necessary

Contact us for more information or an appointment:

Tel: 012-8096027

E-mail: info@drmcniemandt.co.za

www.drmcniemandt.co.za



Dr. Marcel C. Niemandt
MBChB (FRCOphth) (SA)
OPHTHALMOLOGIST / OPHTHALMIC SURGEON

van Rensburg
Sand

Sedert 1983



- Bousand
- Gewaste Pleistersand
- Riviersand
- 6 mm-50 mm Klip

Tel: 012 548 4531 / 32
Fax: 012 548 6927

E-mail: orders@krosasand.co.za

SMARTSKIP
A DIVISION OF KROSA / VAN RENSBURG SAND
RUBBLE REMOVAL



Tel: 012 548 4531 / 32
Fax: 012 548 6927
E-mail: smartskip@krosasand.co.za

Rib & Block
1st floor
Concrete
Slabs

BEWARE OF IMITATORS
SPEAK TO US FIRST!

Contact us:
Tel : 012 736 9056
Cell : 072 049 9560
www.pjprojects.co.za

FREE QUOTE!

Substantial key to bond with concrete topping

Ref. 1379/1479 Girder

16mm reinforced steel (rebar)

20 YEARS EXPERIENCE!

MAXI Brick

Building Brick

Vullisiologie ...

vanaf bladsy 20

Die grond en geboue van die Sunnyside-kampus verteenwoordig 'n geskiedenis van 170 jaar en is belangrik om die oorsprong en groei van Pretoria te verstaan. Die kampus bestaan uit 'n suidelike en noordelike deel wat in 1992 deur Unisa vir ontwikkeling aangekoop is. Die noordelike deel is waar die ou Normaalkollege in 1902 gestig is,

wat ná 'n naamsverandering tot die 1980's daar aan die gang was. Unisa het vyf van dié kollege se geboue as konferensiefasiliteite gerestoureer. Die suidelike stuk was deel van Sunnyside en het bestaan uit huise, wat in die vroeë 1900's gebou is, vir kollege-personeel. Nege van die ou huise en ses buitegeboue gaan gesloop word.

LUBE FORCE TRADERS cc

WE SPECIALISE IN THE FOLLOWING PRODUCTS & SERVICES:
Automotive & Industrial Oils | Grease
Synthetic Lubricants | Engine Cleaners
Hand Cleaners & Rugs | Lubricant Equipment
G-Gun Spares & Repairs

OUR TARGET MARKET:
Mining | Transport | Agriculture
Manufacturing | Automotive Industry & Retail

MISSION
We strive towards excellent service and the highest quality product at competitive prices.

Rayton Office
(012) 734 4064
(012) 734 5332

Rustenburg Office (014) 596 7663
082 568 2266 / 072 494 6561
083 798 9889

Rod Comer en Albert van Rensburg se bottelgawery
Foto: antiquebottles.co.za/digging



Die bottels wat Rod en Albert in Desember 1995 in Pretoria opgegrawe het
Foto: antiquebottles.co.za/digging

Die huise het leeg gestaan voor Unisa hulle in 1992 gekoop het en oor die afgelope 28 jaar is al die huise deur verbygaande hawelose mense besoek en het 28 jaar se 'nuwe' vullis daar begin opbou.



Die popkop wat bo-op die Bronberg-rif by die klipskanse gevind is

Sekere items het so lank in tuine gelê dat hulle oorspronklike gebruik nie meer duidelik is nie. Ander items is herkenbaar, soos die kunspannele wat deur studente van die nabygeleë departement van visuele kunste agtergelaat is. Sue sê dat 'n versameling van ongeveer 30 gipsvorme van poppe se koppe haar veral fassineer. Die huise op die suidelike kampus was tot laat in 2018 in 'n redelike goeie toestand, maar sedertdien is hulle vensters, deure en dakplate

gesteel, wat beteken dat hulle in die reënseisoen vinnig agteruitgaan. Party van dié huise sou in elk geval gesloop word, maar die wat gerestoureer sou word, raak ook nou amper onredbaar. Twee van dié huise het in Februarie vanjaar afgebrand.

Helen

Sue is nie die enigste een wat die mooi in weggooi-goed raaksien nie.

Baie kunstenaars wat weggooigoed gebruik, se werk word as buitestaander-kuns (outsider art) beskou. Die bekendste van dié buitestaanders in ons land is waarskynlik die Uilhuis op Nieu-Bethesda se Helen Martins en haar gebruik van ou glasbottels in die meer as 300 beelde wat sy saam met haar helper, Koos Malgas, geskep het.



'n Kopbeeld van klei, ou glasbotteltjie en deksel uit dieselfde Cullinanse groentetuin



Beeldhouer Johan du Plessis gebruik perdeskoene in sy perdebeelde
Foto: Facebook

Min mense weet dat Helen vir 'n ruk op Cullinan skoolgehou het. Sy was van 1915 tot 1918 by die onderwyskollege op Graaf-Reinet en het in 1920 met Johannes Pienaar getrou. In 1921, waarskynlik toe reeds vervreem van haar man, het sy as mev H Pienarr by Cullinan se laerskool begin skoolhou.



'n Huis, wat nog in 'n redelike goeie toestand is, op die Sunnyside-kampus
Foto: Sue Taylor, Heritage Portal

Helen en haar man is in 1926 geskei en sy is iewers tussen 1927 en 1929, toe sy omtrent 30 jaar oud was, terug na Nieu-Bethesda omdat haar ma siek geword het. Toe sy 47 jaar oud was is altwee haar ouers oorlede en het sy as 'n kluisenaar in die huis agtergebly. Sy het in 1976 begin om kinders te betaal om bottels op te tel wat sy in haar sement-beelde gebruik het – heel of as fyngemaalde stukkie glas. Die uitgrawe van antieke glasbottels is jare reeds 'n bekende stokperdjie en baie van dit wat deur ons voorouers weggegooi is, word in Pretoria opgegrawe. Twee bottelgawers, Rod Comer en Albert

'n Verlate huis op die Sunnyside-kampus
Foto: Sue Taylor, Heritage Portal

van Rensburg, vertel dat hulle in Desember 1995 seker hulle grootste skat van bottels op 'n heel onwaarskynlike plek langs 'n pad in Pretoria uitgegrawe het. Elkeen wat op 'n plaas of kleinhoue met ou asgate woon, weet dat die vreemdste goed soms daaruit vorendag kom. En dit nie net uit asgate nie. 'n Ou keramiek popkop is naby die klipskanse bo-op die Bronberg-rif gekry. Op 'n Cullinanse dorpsers het 'n ou glasbotteltjie, deksel en 'n gebreekte Afrika-kop, wat dalk verband kan hou met vroeë Ndebele-krale, uitgekrom toe 'n groentetuin gespit is. Die afgelope dekade of twee is die gebruik van weggooigoed, veral dit wat op skrootmetaalwerwe aangeskaf kan word, algemeen in die skep van kunswerke. Op Cullinan, waar Helen eens skoolgehou het, is Jan Harmsgat se Agterplaas en Gastehys 'n sprekende voorbeeld van hoe weggooigoed gebruik word



in bouwerk, versierings en om beelde mee te maak. Op dieselfde dorp gebruik beeldhouer Johan du Plessis, behalwe vir al die ander soorte beelde wat hy skep, ook ou perdeskoene om perdebeelde mee te maak. Op Boshewa gebruik kunstenaar Francois Breytenbach skrootmetaal in die maak van sy ongewone beelde en kunswerke.



Jan Harmsgat se Agterplaas
Foto: Donovan Robinson

Prinsloo Woningen

woonhuise & aanbouings

We have specialized in building houses Pretoria & Centurion areas over the last 20 years (NHBRC Reg. No. 2728)

Phone Tobie (All H) on 012 803 2244
Cell: 082 955 0079
tobie@prinsloowoningen.co.za
www.prinsloowoningen.co.za

Another project done by Prinsloo Woningen

www.prinsloowoningen.co.za

Example: A residence of 200m² from as little as R1 550 000.00 built with 3 spacious bedrooms, two full bathrooms, 3 living areas with built-in fireplace, kitchen with pantry & scullery, a covered patio with built-in braai, staff bathroom and double garage.

Kaleideo Eye Care

Lourens Odendaal B.Optom (RAU)

Wapadrand Shopping Centre, Pretoria & East Rand

Private eye care at very low prices!

Eye examination: R160-00
Spectacles: Single vision from R540-00
Bifocal from R1 120-00
Multifocal from R1 920-00

- Frame included (more than 250 to choose from)
- Most medical aids accepted (T's & C's apply)
- Upgrades available (e.g. photochromic, thinning, anti-reflex, rimless- and titanium frames)

For appointments:
012 347 0821
082 382 5215

Cosmedent Tandarts

Oaklaan 109, Cullinan
012 734 1079 / 012 734 0280
Noodnommer: 082 836 6689
ontvangs@cosmedent.co.za

Dr SE Cronjé BChD(Pret)
Dip Odont (Radiologie & Chirurgiese metodes)

Ek geniet dit om self die behandelings te doen, veral die chirurgiese verwyderings van tande.
Dit is my passie om pasiënte te help, want almal verdien 'n pragtige glimlag.

Ons praktyk het ekstra voorsorg en veiligheidsmaatreëls in plek.

Maandae en Dinsdae: 08:00 tot 18:30 (Per afspraak)
Werkure: Woensdag tot Vrydag: 08:00 tot 17:00
Saterdag: 08:00 tot 13:00 (Per afspraak)

Sekere mediese fondse word aanvaar.

Ons aanvaar alle tipe kaart-betalings van:

Die praktyk kan ook Medifin direkte finansiering vir pasiënte en praktisyns met vooraf-goedkeuring binne vyf minute en betaling binne 24 uur aan die praktisyn, bied.
Terme en voorwaardes geld met kaart-betalings.

Groot afval-lus skop saam met diep verlange vas

Vreethans van Heerden en Metgesel besoek kuierplekke in die Bronberg-gebied ongenooit en betaal self vir dit wat hulle geniet, of dalk nie geniet nie.

Soms neig die groot lus mos om jou sommer so van skuins af ewe onverwags saam met die diep verlange te bekrui. Soos as jy verlang na jou ouma op die plaas en skielik kry jy jou dat jy jou onkeerbare lus vir kaaings en krum-melpap kwalik in toom kan hou. Só verlang ek nou die anderdag na

oorlê ou Faan Smuts en die lekker 'speelsessies' wat ons destyds by sy kuierplek in Zwavelpoort ingewerk het. En voor ek 'pens' kon sê, trap die versmagting na 'n goeie kerrie-afval my sonder genade vas. Faan se plek was immers destyds die hoofkwartier van die SA Skaap-kop en Afval-gilde, waarvan die



Anders, dog ruim en lekker was die kerrieafval

uwe 'n trotse lid was. En Faan en wyle ou Hans Lombard het die kuns van skaapafval verstaan. Later het Flip Marx vennoot ge-word, oorgeneem en baie uitge-brei en verander aan die plek wat Faan en Issie Smuts gevestig het. Baie bly is ek om te kan berig dat die tradisie van tradisionele gereg-te behoue gebly het. 'n Deel van die Bronberg Restaurant se spyskaart word daar-aan afgestaan en ook hartverbydend is dat die hele spyskaart twee-talig gebly het. Skaapkop (R119), skaap-stertjies (R139), skaap-niertjies (R75), pap en kaaings (R85), skilpad-jies, bobotie, frikkadelle, nog 'n paar disse en daar sien ek hom ook: Kerrieafval (R119).

Dit verdien vermeld te word dat die res van die plek se spyskaart erg uitgebreid en uiteenlopend van aard is en dat die pryse billik blyk, maar plekgebrek weerhou my van 'n verdere relaas hieroor. Met die omstandighede onder lede en die (wan)bestuur van die Covid-regulasies, het Bronberg Restaurant se mense sy hoofge-boue (ook die een van Faan met die gewels) vir eers toegemaak en kos word uit die koffiewinkelplek se ruim kombuis vir wegneem of aansit in die tuin aldaar voorberei. Ek bel en bestel die afval (hoe dan anders?) saam met rys en groente en Metgesel besluit op die stokvis (diep gebraai in 'n bierdeeg) – met skyfies. Dit kos R69. Daarby wil sy ook groente hê – asseblief. Die meeste dinge verander mos



Deel van die 'alternatiewe' kombuis in een van die 'nuwer' geboue

Normale kuiers in die deel van die 'groot' Bronberg Restaurant in meer nor-male tye



maar so met die jare saam. Een van hierdie dinge is die afval wat Bronberg Restaurant vandag bedien.



Stokvis in bierbeslag – groot genoeg om plankvis te heet

Maar ek kla nie, hoor. Allermens. Skaapafval ken ek en het dié plek in vroeër jare geken as pens en pootjies met moontlike wangvleis-ies, tongetjie en 'n oog of twee vir die dapperes, hersinkie-in-blaar-pens en selfs 'n langer gekookte stuk of twee beespens daarby om die ding te rek. Daarby was ge-

woonlik aartappel en wortel saam. Die afval waaraan ek daardie mooi dag by die huis weggele het was baie ruim van porsie. Die kerrie en tekstuur was onverbeterlik. Maar dit was pens. Die Ingelse sê 'tripe'. Skaappens ja, maar meestal bees-pens. Die enigste beduidenis van 'n pootjie, was 'n enkele, verdraal-de pootbeentjie. Maar weereens – as dit vir jou klink of ek kla, is jy verkeerd. Die kerrieafval op fyn rys met roomspinasie en patat was werklik ongelooflik lekker en hoogs aan te beveel. Sonder skroom sal ek dit weer bestel en geniet. Metgesel het regtig 'n reus van 'n stokvis onder sy bierdegie gekry. Ek het die ding só bekyk en gedink boomstamvis of plankvis sou beter pas. Genoeg vir meer as een maal-tyd saam met die skyfies en groen-te, meen Metgesel. Jy kan vir Jakkie by 076-452-6182 bel vir nadere inligting.

IPC plumbing

We Empty Septic Tanks and Grease Traps

honey suction

Uploading Your Brownware!

Emptying of septic tanks and hire of TLB's

Tel: +27 (0) 12 802 1778
083 302 2499 / 073 519 2567
E-Mail: office@ipcplumbing.co.za
Website: www.ipcplumbing.co.za

WHOLESALE NURSERY

Saints street, Plot 92, Swavelpoort

Best prices on:
Indigenous trees, shrubs and plants
Fruit trees, herbs and vegetables

WILD ROUTE NURSERY
& ENVIRONMENTAL CONSULTANTS

072 376 7831
www.wildroute.co.za
wildroutecc@gmail.com

A-Z CHEMICALS SOAPSHOP

Oop tydens "lock down"
van 08h00 tot 16h00 daaglik

"Alcohol sanitizers" in voorraad

Huishoudelike & Industriële Skoonmaakmiddels (1-25 liter)

MATWASMASTIENE TE HUUR

Kerkstraat, Bronkhorstspuit
013 932 1034

Bring u eie houer en ons hervul dit met A-Z produkte teen 'n groot besparing!

ExecuCare Services

We offer:

- Frail Care @ home for all ages
- Fully trained carers available
- Fully trained nurses available
- Monthly & Daily rates available
- Affordable prices

Avril Mills
082 333 8544

Du Plooy Melkery

Jou koop-, kuier- & uitspanplek op die plaas

Ons is oop soos altyd!

Alle nodige voorsorg word gehandhaaf om ons produkte en besoekers volgens voorskrif veilig te hou in hierdie tyd.

Lekker vars plaasprodukte

- Melk • Botter • Jogurt • Kaas • Halloumi Kaas • Feta • Roomys • Gevriesde Jogurt
- Soft Serve • Plaasiers • Tuigemaakte Pasteie • Vars Groente & Vrugte • Tuisgebak
- Konfyte • Ingelegde Produkte • Vleispasteie • Rou Heuning • Verpakte vleis

Boekebank • Lappoppe
Kraletjies • Handvaardighede

Smaak- en prysgewys, kraai ons verskeidenheid kase en tuigemaakte suiwelprodukte koning

SKOON KRAALMIS ALTYD BESKIKBAAR

Bring die kinders ... ervaar die Plaas!

Hannelie 083 399 6497 / 076 399 8963 / albie@nes.co.za
Kaalfontein 26, tussen Rayton & ou Bronkhorstspuit-pad
Ma – Sa: 7:00vm – 6:00nm / SONDAE GESLUIT BANKKAART-GERIEWE BESKIKBAAR

Groot verskeidenheid heerlike, vars groente, vrugte, blomme en tuigemaakte lekkernye!

SMULLEKKER WEGNEEMKOS

Vrydae 2nm tot 5nm en
Saterdag 9vm tot 2nm

Deur die lens van ons lesers

In 'Leserslens' plaas ons foto's wat die aard en gevoel van die Bronnie se verspreidingsgebied uitbeeld, soos gesien deur die lens van ons lesers. Jy is welkom om jou foto's te stuur aan info@bronberger.co.za of om dit op ons Facebook-blad te plaas. Beskikbare ruimte bepaal hoeveel foto's ons in 'n uitgawe kan gebruik. Ons bêre alle foto's en poog om soveel moontlik in opvolgende Bronnies te publiseer.



Vrugte-bloeiels was vanjaar baie vroeg en baie mooi in die gebied
Foto: 'Alet Erasmus



Trots tot só 'n mate dat 'n mens moontlik sou kon dink hy beskou hom as 'n hooggeplaaste.
Anneline Grobler het die foto by 'n wildreservaat in die omgewing geneem



Met daardie erg befoeterde kyk van hom in die oë, sal dié Jan Frederikkie dalk eerder somer Jan Frik genoem wil wees
Foto: Albert Bester



Laurika van der Linde sê haar gunsteling kleur is sonsondergang

Donald van der Westhuizen het dié foto van 'n swart-sperwer op 19 Julie geneem net ná hy 'n duif in Donald se Wapadrand-tuin gevang het. Dit is 'n rare voorstedelike gebeurtenis en die foto wys hoe die sperwer die prooi met sy klou vashou terwyl hy besig is om hom op te vreet



Die kwaai koe van Julienagte in die gebied het dik ys lae op Liberty Stalle van Mooiplaats se perde-drinkbakke gelaat. Juanita Jamneck het een oggend dié foto geneem van werkers wat die probleem kaal-hand baarsaak



'n Koedoebul met 'n jonger bulletjie deur sy draaihorings te sien. Johan Pretorius het die foto op Stillbosch geneem



'n Mooi sonsondergang op Cullinan stem hom tot rustigheid, sê Eus de Clerk



'n Troppie spekvat sebras wei in die wintergras van 'n wildreservaat in die gebied
Foto: Emma Koekemoer

Dié foto van Johann van der Linde gee 'n 'ander' blik op 'n Rooikoppies-sonsondergang

How dogs 'read' humans

Dr Liesel van der Merwe is a small animal medicine specialist. Send her your questions: info@bronberger.co.za.



When I returned to work, having to wear a mask, I was quite cautious in the beginning when interacting with strange dogs as I thought that they would be unable to 'read' me with the mask covering the lower half of my face.

To my surprise, I realised after a few days that the mask made absolutely no difference to the dogs. They didn't seem nervous or skittish. I then realised how dogs rely on so much more than our facial expressions to read us.

I've always told clients to relax because the dogs feel their stress, but this truly brought it home to me how finely tuned dogs are to our body language and feelings.

All animals are wired to read subtle signals in the group dynamics of their own species as well as in other species. Their health and survival depend on it. As humans we are like a bull in a china shop in comparison to the nuanced lifestyle of animals.

I've already told the story of how I tried to evade the hysteria of trying to get out the gate and go for a run without the dogs, by wearing my running clothes under a dress and throwing the running shoes over the wall. This fooled no-one. The dogs were already milling around me in an excited frenzy as I was exiting the front door. They knew! Yet when I go out to work in the garden or take out the bin, there is no excitement. How on earth do they know?

Most dog owners have had the experience of just glancing towards the place where the leash is hanging to find that the dog is already waiting at the door. How many homes do we know where walk is not a word, but a spelled out w.a.l.k., also to no avail. Our move-

ments and gestures contain important cues for dogs as to what will happen next in their world.

Social cognition in dogs refers to how well dogs read behavioural cues. All social mammals have evolved special ways of reading the signals sent to them by their group members, normally members of the same species. As humans we also do this, almost automatically, and it is some of this ability that is unavailable to people with autism.

Research shows that dogs are surprisingly good at reading certain types of social cues in humans. More so than chimpanzees, our closest relatives, or wolves, closely related to dogs. The experimental set-up was to place a small piece of food under one of two upturned buckets, making sure both buckets smelt of the food. A cue was given to the subject as to which bucket had the food. The experimenter tapped on it, pointed a finger at it or, more subtly, tilted his head or body at it, or, most subtly, just looked towards the bucket with the food under it.

Surprisingly, the researcher found that our closest animal relatives, chimpanzees, were initially quite poor at this task, although they did learn. The same performance as that of a three-year old child. Dogs could immediately interpret the signals indicating the location of the food four times better than the apes and more than twice as well as the young children, even if the experimenter was a stranger. Where did dogs get this talent? The first idea might be that dogs

are descended from wolves, which are pack hunters, with social signals evolved to help coordinate the hunt. If so, one would imagine that wolves should be at least as good at the bucket task as dogs. However, when they tested wolves they found that they were actually worse than chimpanzees and a lot worse than dogs.

The next idea might be that it is a learned behaviour in dogs to read human body language because they live with and watch their human families. This would imply that young puppies would not be as good as older dogs in picking up cues. However, even nine-week old puppies were better at this task than chimpanzees or wolves. So, dogs' ability to read humans is not inherited from their closest ancestors; neither does it require long-term exposure to humans. This ability could be part of the evolutionary changes that accompanied the domestication of the dog.

Here there are also two theories – specific dogs may have been chosen because they understood people better or the ability to read human behaviour was an unintention-

ded by-product for some other selection criteria for domestication, such as decreased aggression. Genes don't occur in isolation: There are often links and activating or blocking factors from other areas on the genome to allow expression of a characteristic. Regardless of what the exact reason is, our domestic dog is not just an urban-dwelling wolf that has developed a veneer of civilization to get free room and board. Rather, the dog is a separate species that has co-evolved with humans. I was brought up with the expression: Don't trust someone your dog doesn't like. There is truth in this statement after all. Our dogs are fine-tuned human-reading machines. Some of the content is drawn from 'How to Speak Dog' and 'Pawprints of History' by Stanley Coren, professor of psychology at the University of British Columbia. His website is www.stanleycoren.com.



JLB GAS INSTALLATIONS
FIRE PLACES • BRAAI • STOVES • HOBS
GAS WATER HEATERS • PLUMBING
JAN-ELLIS 082 739 2548
BRUCE 072 635 8820
jlbgas.installations@gmail.com
We provide a Certificate of Compliance after each installation
Registered LP Gas Installer

SOLAR MAN CC
• Solar Krag • Krag "Backup" • Solar Geysers
• Solar Boorgat Pompe • Solar Pompe
Tel: 012 809 1525/1427 | 071 690 8031
Email: solarman@mwebbiz.co.za
Na ure tel: 071 690 8022 www.solarman.co.za
Vooruitbeplanning noodsaaklik vir kwotasie doeleindes.

GD GRANITE CC
GRAFSTONE/TOMBSTONES
Vervaardigers van hoë kwaliteit grafstone
• Koop direk van die fabriek
• Volledige diens: vanaf kwotasies, bewoording en oprigting
• Rig orals in Gauteng en omliggende dele op
• Onbeperkte letters op grafsteen
Tel: 012 802 0087 / Fax: 0865 37 36 35 / dorica@gdgranite.co.za
DONKERHOEK, PTA-005 (12km vanaf Hans Strijdom op ou Bronkhorstspuitpad)

Tractor for sale
Ford 6600 Tractor for sale with 1.5m Slasher and 7 tooth Ripper.
Very good condition.
Price R100 000 slightly negotiable.
Contact Henk 082 773 1298

Plot Z399 Graham Road, Zwavelpoort
GPS : 25°50'26.4"S 28°23'42.4"E
012 941 9200 | 082 213 5920 | [Facebook](https://www.facebook.com/swawelvet)
Consulting hours:
Mon to Fri 08:00 - 11:00 & 15:00 - 18:00
Sat 09:00 - 12:00
Vet shop hours:
Mon to Fri 08:00 to 18:00
Sat 09:00 to 12:00
After hours emergencies only: 082 213 5920
SWAWEL VET
ANIMAL HOSPITAL
Dr. Janes Wagner
We provide all veterinary services

Donkerhoek Veeartsenykundige Spreekkamers
KONSULTASIES ALLEENLIK OP AFSpraak
CONSULTATIONS BY APPOINTMENT ONLY
Prof C.M.E. McCrindle BVSc (Hons) PhD (Vet Eth) (Pret)
072 974 4914
Veeartswinkel / Vet Shop
Maandag-Vrydag / Monday-Friday: 08h00-17h00
Saterdag / Saturday: 08h00-14h00

pets pantry
MOOIKLOOF VETERINARY SHOP
012 996 3369
Open from 8 am until 7 pm on weekdays
We are now stocking a selection of equine products as well as the routine day to day equipment. Please speak to our staff if you would like any specific product or brands ordered in.
Trading hours:
Weekdays: 8am - 7pm | Saturday: 9am - 3pm | Sundays & public holidays: 9am - 2pm

Bronnie van den Berg



Oupa nou 'n handsak en paar skoene

Dié wat oud genoeg is om dit te kon ervaar en dit kan onthou, is nou ook nie meer vandag se kinders nie, sê Gert Mossie. En dié wat dit nie beleef

het nie, maar tog so met die oorlewering saam daarvan weet, sal waarskynlik glad nie verstaan het hoekom dit destyds so 'n allemtogte herrie in die land veroorsaak

het nie: Glenda Kemp en Oupa. Glenda was 'n plattelandse meisie uit 'n tipiese konserwatiewe Afrikanergesin – van Swartruggens, as hy dit reg onthou – en Oupa was 'n slang: 'n Yslike, uitgevrete luislang. Afsonderlik sou nog Oupa, nog Glenda enigsins iets uitsonderlik in die Marico-bosveld wees, maar toe die twee saam Johannesburg toe trek en saam begin dans, was dit 'n aardigheid wat die ganse land lank aan die gons gehad het. Want, sê Gert, dit was 'n ontkeeldansery en toentertyd baie skaars en daarby grootliks onwettig en erg onaanvaarbaar vir sedebewakers en baie ander volksgenote. Natuurlik het net Glenda meegedoen aan die ontkeelding (Oupa het seker wel elke dan en wan van sy vel ontslae moes raak, maar nie as deel van die vertoning nie), tog het die luislang saam op die maat van die musiek gekriewel en om Glenda geseil en só en dié, sê Gert. Nou het Glenda Kemp die waarde van bemarking goed verstaan. In daardie goeie ou dae het amper almal koerant gelees en Glenda het besef dat sy en Oupa se dinge 'n 'goeie' storie kan wees – iets waarna elke goeie koerantman voortdurend op soek was. Die gevolg was dat Glenda en Oupa later bekend genoeg geag is, sodat die Suiwelraad hulle genooi het om te dien op 'n 'kaasbeoordelingspaneel' by hulle uitstalling op die Randse Paasskou. Hy wat Gert Mossie is, was ook op daardie paneel en het langs Glenda en Oupa beland. Daarom kan hy vandag met gesag daarvan getuig dat 'n luislang soos 'n foksterriër hond kan byt. Die bloed het gespuut, sê Gert. Een van die eerste koerantmanne wat vir Glenda en haar Oupa voor

die kameeralens en tot binne in die koerant op pad na ongekende roem en sporadiese moeilikheid gekry het, was legendariese fotograaf, Wessel Oosthuizen. Hy, Wessel, was en is steeds eintlik en dalk ook heel gepas, 'n sport(s)fotograaf van uitnemendheid. So gebeur dit toe dat Wessel en Glenda gou 'n platoniese vriendskap en verbintenis met die bemarking saam aanknoop en 'n eksklusiewe vertoning deur Glenda en Oupa word vir koerantkolle gas van verskillende publikasie in Wessel se woonstel gereël. Die plekkie is gepak en, soos Wessel later in sy boek 'Boesman tot VAL' vertel, het een ou selfs in sy beste kispak opgedaag omdat hy sy vrou vertel het hy gaan dié aand na 'n Junior Rapportryers-vergadering toe. Terwyl die plaat op 'n kol met moeite geruil is en Glenda en Oupa teen die gordyn met haar rug na die 'gehoor' gestaan het, het een koerantman ewe bedeesd gevra: "Glendatjie – het iemand jou al gevra vir die volgende dans?" Wessel sê onlangs op 'n Facebook-blad, 'Nagkantoor', dat hy die eerste boek (baie) later aan Glenda in Durban wou oorhandig en hulle het mekaar op 'n plek ontmoet. Hy vra toe, aangesien hy nou op 'pensioen' is, of sy hom sal afslag gee vir 'n vertoning. Sy sê toe dat sy nou al so oud is dat sy ou Wessel sal betaal om na haar te kyk. Op 'n vraag waar Oupa dan is, sê sy dat hy nou 'n handsak en 'n paar skoene is, het Wessel vertel. Tyd en dae, ja. Tyd en dae, sê Gert Mossie.



DALEIN voere

Gespesialiseerde geformuleerde voer vir vark-, pluimvee-, bees- en suiwelboere.

Kom ondersteun ons asseblief.

Pragtige Smutsvinger Bale

Uitverkoop!!!
R300 per baal

Plaas Bloemendal, Roodeplaat
Kontak Christa Moore 083 486 8850

TLB Hire
hiretlb@gmail.com

- Flinke Diens
- Efficient Service
- Akkuraat
- Precision
- Betroubaar
- Trustworthy

082 958 0381
Plot 231 Swaeltjie

GEOROC
LEADERS IN DRILLING & MINERAL EXPLORATION

Services:

- Borehole drilling
- Blasthole drilling
- Borehole rehabilitation
- Large diameter drilling
- Monitoring boreholes
- Odex | Symmetric drilling
- Refuge bays
- Reverse circulation drilling
- Ventilation shafts
- Sampling of mine dumps

+27 13 932 1740
+27 79 526 7196
info@georoc.co.za
www.georoc.co.za

Chop wood, carry water

// Chop wood, carry water. Chop wood, carry water. Chop wood, carry water." These are the words I've been repeating through-out this time of Covid-craziness.

Actually it's a Zen kōan – an ancient story that helps you to practice awareness. The words are based on something written by Layman Pang, who lived from 740 to 808.

Later on, his words were adapted as follows: "The novice says to the master, 'What does one do before enlightenment?' 'Chop wood. Carry water,' replies the master. The novice asks, 'What, then, does one do after enlightenment?' 'Chop wood. Carry water.'"

To me, these are grounding words in uncertain times. You may not agree with the 'how' or the 'why' we've arrived in the midst of this pandemic, but the level of world-wide shock cannot be denied. Whichever way you've been dealing with it, wishing that things will simply go back to what they used to be is no longer an option. Many of us tolerate conditions out of our control with the hope that the problem would soon go away. But, when you get so caught up in the

way you wish things to be when the pandemic is over, you suspend life. You disconnect from the now. Keeping an eye on the calendar, you don't bring all of yourself into this day.

In fact, you feel bound by the daily grind and just rush through duties, withdrawing yourself from the task at hand. Your body may be chopping wood and carrying water, but your mind is elsewhere. You hold such strong resentment towards everyday errands that you become their slave, a victim – the wood chops you and the water carries you.

Kyle Kowalski says it's as if he can hear his dad saying: "Do what you're doing while you're doing it. Don't do what you're not doing while you're not doing it." Once you stop trying to escape some tasks or events for 'better' ones and fully immerse yourself into whatever you're doing, everything changes. See, girlfriend, it does little good to reach an astonishing state of awareness on your meditation pad if you lose it the moment you're faced with household chores.

Take washing dishes: Rushing through it with your thoughts on

what you're going to do afterwards, makes the feeling of slavery worse. Clearing your mind of thoughts doesn't seem to work either, simply because it's not possible.

The trick is to pay attention to the stray thoughts that wander into your mind like you'd pay attention to clouds crossing the sky. Translucent blimps! You just let them be. Notice them instead of identifying with them. Rather get into your body. Feel the heat of the water on your hands. What do you see? What do you hear as you're moving the sponge over the dishes?

If you can be present like this, you start feeling that nothing is either bad or good, but your thinking makes it so. If you start realising that wisdom lies in the commonplace, the most ordinary of everyday tasks, then nothing is more important than chopping wood and carrying water. All activities are equalized. You can just be. Kimberly Holman writes that we forgot how to just be. "All our spiritual searching and seeking simply boils down to this. We all want a life of joy and ease. Yet for some reason, we can't figure out how to make one for ourselves. So, we



look for some ultimate experience without ever realizing we're already having one."

Actually this can't always be recognised right now. Somehow we need hindsight to realise that we'd been happy. Surely this is crazy! The only time we get to live is now, yet we don't know how to be present now.

So, repeat this after Mary Jean Irion: "Normal day, let me be aware of the treasure you are. Let me learn from you, love you, bless you before you depart. Let me not pass you by in quest of some rare and perfect tomorrow." "Let me hold you while I may, for it may not always be so. One day I shall dig my nails into the earth, or bury my face in the pillow, or stretch myself taut, or raise my hands to the sky and want, more than all the world, your return."



We specialize in fabricating and installing various stone work surfaces and our products are ideal for use in all those spaces that surround life as it happens – kitchen counter and bathroom vanity tops, reception and bar counters, staircases and wall cladding.

Our team will provide you with support and advice regarding which materials to use and any technical requirements and we will celebrate the finished project with you! With our top of the range equipment, we can also assure you of superior installation quality. We are fabricators of repute.

natasha@juststone.com
antonette@juststone.com
012 809 8928

JUST STONE
projects

East Ridge Design Centre Shop C1
Graham Road
Zwavelpoort

- Fabricators of Repute -

caesarstone®

RUDI'S CHOICE
CHOICE IS EVERYTHING

DEKTON®
ULTRACOMPACT SURFACES

NEOLITH
EXTRAORDINARY SURFACE

SILESTONE®

www.juststone.com/projects/ @JustStoneProjects @juststoneprojects



Econo Quartz Ice White
– R2 800 per m² fully installed excl VAT.

KUNGWINI WELFARE ORGANISATION
making a difference in people's lives

"A woman with a voice is, by definition, a strong woman."

Happy Women's Month!

— 09 August 2020 —

WWW.KWO.ORG.ZA | INFO@KWO.ORG.ZA | 012 940 0221
KUNGWINI WELFARE ORGANISATION, GRAHAM ROAD, ZWAVELPOORT

Clartal
Baba & Kleuter Akademie
Baby & Toddler Academy

Kleuterskool in Pretoria-Oos, Lynnwoodweg-verlenging

Kom kyk gerus na ons skool waar daar genoeg spasie is vir sosiale afstand.
Klasse van 40 m² wat ook met osoon gesteriliseer word.
2 000 m² grasbedekte speelarea.
Groentetuin waar vars groente vir etes gekweek word.
Plaasatmosfeer waar die kinders speel-speel leer.
Ons voldoen ook aan Covid-19 vereistes.

Hoewe 246, Swaeltjie, Zwavelpoort
Smallholding 246, Swaeltjie, Zwavelpoort

Chantal is 'n gekwalifiseerde onderwyseres met 'n honneursgraad in spesiale onderrig en sy is baie kundig oor die natuur met haar natuurbewaring agtergrond.

Navrae kontak
Chantal @ 079 508 2887
E-pos: clartal.akademie@gmail.com
Kantoor: 082 510 8470

Enquiries contact
Chantal @ 079 508 2887
E-mail: clartal.akademie@gmail.com
Office: 082 510 8470



Sinulex

Natuurlike sinus,
verkoue en griep
ondersteuning.

Sinulex-kapsules bevat
uittreksels van
pelargonium en
peperwortel, sowel as
vitamien C. Dit is
bekend dat hierdie
bestanddele
help om verkoues en
griepverwante
simptome te bekamp.*

The Natural Choice

Peperwortel

Vitamien C

Pelargonium



*

Chemiese, farmakologiese en kliniese studies van pelargonium het die effektiwiteit daarvan onder hierdie toestande bewys. www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC4060126

✓ maak nie lomerig nie

✓ suikervry

Maak seker jy neem joune! ✉ info@sinulex.co.za www.sinulex.co.za

Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA geëvalueer vir die kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik daarvan nie.